# DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG IN WêRELDVERBAND*

**Prof. G.D. Scholtz**
*Ere-professor aan die Randse Afrikaanse Universiteit*

## TWEE VOLKE

### 1.

### *Ter Inleiding*

Van 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 het op Suid-Afrikaanse bodem 'n oorlog tussen twee volke gewoed. Die oorlog het in die res van die wêreld om verskillende redes groot belangstelling uitgelok en ook groot gevolge gehad. 'n Eerste rede was dat een van die strydende partye een van die destyds magtigste volke was, terwyl die ander weer 'n klein en onaansienlike volk was. Hoe die klein volk hom teen die grote geweer het, het vanselfsprekend die belangstelling van miljoene mense geprikkel. 'n Tweede rede was die wyse waarop die oorlog in Suid-Afrika die politieke verhoudinge tussen die vernaamste moondhede sou beïnvloed. Hierdie invloed sou inderdaad van groot betekenis wees. 'n Derde rede was die wyse waarop die oorlog sou help om die politieke denke van die mensdom in 'n bepaalde rigting te stuur. 'n Vierde rede was die wyse waarop die oorlog die militêre strategie en taktiek sou beïnvloed. Hierdie invloed was, soos latere gebeurtenisse aangetoon het, van heelwat betekenis. Voordat nou op dit alles ingegaan kan word, is daar twee vrae wat bespreek moet word. Wie was hierdie volke wat oorlog teen mekaar gevoer het? Waarom het hulle na die swaard gegryp?

Hierdie vrae verg dat die verlede van die twee volke kortliks bespreek moet word en dat die verskillende oorsake van die oorlog nagespoor moet word. Eers dan kan alles in 'n behoorlike perspektief gesien word.

### 2.

### *Die Britse Volk*

Die oorlog in Suid-Afrika is gevoer tussen die Britse volk aan die een kant en die Afrikaanse volk aan die ander kant. Van die twee was die Britse volk verreweg die oudste en die grootste. Daarom kan daar met 'n kort beskrywing van sy verlede begin word.

Vlak by die noordwestelike kus van Europa is die Britse eilande geleë. Oor groot ekonomiese hulpbronne het Brittanje, soos hulle genoem word, nooit beskik nie. Wel het onder sy bodem groot hoeveelhede steenkool skuil gegaan, maar dit sou tot die einde van die agtiende eeu duur voordat van hierdie bron van energie vir die snelle ekonomiese ontwikkeling van die land gebruik gemaak kon word. Die vernaamste ekonomiese bate wat Brittanje aanvanklik gehad het, was sy konstante reënval, wat vir die beoefening van die landbou en veeteelt besonder voordelig was.

---

*Vier ere-professorale voorlesings gehou in die Departement Geskiedenis van die Randse Afrikaanse Universiteit gedurende 1974.

Toe die lig van die geskiedenis in die eerste eeu voor Christus ook op die noordwestelike deel van Europa begin skyn het, is Brittanje, net soos die teenoorliggende dele van die vasteland, deur stamme van die Keltiese onderras bewoon. Die Kelte was deel van die Indo-Europese ras wat oorspronklik uit Sentraal-Asië gekom het en waarvan 'n deel hom in die huidige Europa gaan vestig het. In die eerste eeu na Christus het die Romeine ook die grootste deel van Brittanje onder hul gesag geplaas. So het dit tot in die vyfde eeu geduur, toe hul toenemende verswakking die Romeine verplig het om hul gesag terug te trek. [1]

Die Kelte sou hul herwonne vryheid nie te lank geniet nie. Die verswakking van die Romeine het deels voortgekom uit die geweldige druk wat die Germane, nog 'n onderras van Indo-Europese afkoms, op hulle uitgeoefen het. Die Germane wat uit Europa afkomstig was, was destyds besig met hul groot *Völkerwanderung* na Wes-Europa. Hulle het hulle gaan nestel in gebiede wat lank onder die Romeinse gesag gestaan het en daar het hulle op die duur die voorvadere geword van volke soos die Nederlanders, die Duitsers, die Vlaminge en die Switsers. Die Germane sou ook belangrike bydraes lewer tot die vorming van volke soos die Spanjaarde, die Franse en die Italiane.

Die Germane sou egter nog meer doen. In die vyfde eeu het dele van die Saksiese, die Angelse en die Jutiese stamme hulle in Brittanje gaan vestig waar hulle op die duur die Kelte na die bergagtige streke van die huidige Wallis en Skotland teruggedring het.[2] Die Germaanse inslag in die bevolking van Brittanje sou van oorheersende betekenis bly. Die Angel-Saksiese Brittanje is in 1066 onder die gesag van die Noorman Willem die Veroweraar gestel wat van Frankryk gekom het. Kultureel het hierdie gebeurtenis vir die ontluikende Britse volk veel beteken. Die Britte kon so deel in die langsame kulturele herlewing wat 'n paar eeue na die val van die Romeinse Ryk ingetree het.

Die kulturele beïnvloeding vanuit die Europese vasteland en die ekonomiese bande wat daaruit voortgevloei het, het die Britse volk voor 'n vraag te staan gebring wat vir hom van kardinale betekenis geword het en waarmee dit vandag nog moet worstel. Moet Brittanje, wat 'n eiland is, hom met die politieke aangeleenthede van die Europese vasteland inlaat? Die wisselende omstandighede het veroorsaak dat die houding van Brittanje teenoor Europa daardeur diep beïnvloed is.

'n Eerste faktor wat hom in hierdie vraag laat geld het, was die feit dat agtereenvolgende Britse konings ook heerskappy oor dele van die huidige Frankryk gevoer het. Daaruit het daar oor 'n tydperk van ruim vier eeue herhaalde male sulke ernstige moeilikhede tussen die Britse en die Franse konings ontstaan dat oorloë die gevolg daarvan was. Brittanje het hom dus deeglik bemoei met wat op die vasteland van Europa gebeur het. Hierdie tydperk is afgesluit met die verlies van al hul Franse besittings deur die Britse konings.[3]

Hierdie verlies het saamgeval met 'n nuwe tydperk wat Wes-Europa as

1. Vgl. hieroor o.m. R.J. Collingwood en J.N.L. Myers: Roman Britain and English Settlements (Oxford, 1937); Paul Johnson: The Offshore Islanders (Londen, 1972).
2. Vgl. hieroor Sir Frank Stenton: Anglo-Saxon England 550—1087 (Oxford, 1947 en Paul Johnson: The off-shore Islanders (Londen, 1972).
3. Vgl. Austin L. Poole: From Domesday Book to Magna Carta 1087—1216 (Oxford, 1958) en Paul Johnson: The Off-Shore Islanders (London, 1972).

geheel binnegegaan het. Dit staan vandag as die Renaissance bekend. Die tydperk wat as die Middeleeue bekend staan, het verbygegaan as gevolg van die herontdekking van die grondslae van die Grieks-Romeinse kultuur en beskawing. Dit het ook gelei tot die beoefening van die wetenskap in al sy vertakkinge. Een van die vroegste vrugte hiervan was die uitvinding van die seevaartkuns. Tot die vyftiende eeu was dit vir die Europese volke eenvoudig onmoontlik om hulle op die ruwe en stormagtige Atlantiese Oseaan te waag. Danksy uitvindings soos die kompas waarmee die koers ter see bepaal kon word, die astrolabium waarmee die stand van die hemelligame bepaal kon word en die laveerkuns, waardeur 'n skip teen die wind op kon vaar deur die seile op 'n bepaalde manier te span, kon die Atlantiese Oseaan so aangedurf word. Twee volke sou hierin die leiding neem. Hulle was die Portugese wat rondom die suidpunt van Afrika gevaar het en wat sodoende die Ooste bereik het, en die Spanjaarde wat 'n groot deel van die voorheen onbekende westelike halfrond onder hul gesag gestel het.

Onderwyl dit alles aan die einde van die vyftiende en die begin van die sestiende eeu gebeur het, het die Britse volk hom as 't ware in 'n oorgangstadium bevind. Na die verlies van die Franse besittings moes 'n nuwe koers gevind word. Die saak het des te dringender geword omdat dit in die sestiende eeu reeds duidelik begin word het dat met die landbou as die vernaamste bedryf die Britse volk ekonomies nie meer behoorlik kon bestaan nie. Daar sou na ander bedrywe omgesien moes word om die volk ekonomies op die been te hou. So is die Britte gedwing om een van die belangrikste en gewigtigste stappe in hul volksbestaan te doen.

Dit was om hulle na die see te begeef. 'n Britse historikus skryf hieroor: "By taking to the sea, the English fell under the influence of the Dutch. As friends or as enemies, as partners or as rivals, men of the two nations were now in perpetual contact. Holland affected every department of English life, more, perhaps, than any other nation has ever done by the mere force of example."[4] Van "landdiere" het die Britte nou "seediere" geword. Dit sal nodig wees om vir 'n wyle by hierdie groot verandering van die Britse volk stil te staan, want dit is hierdie feit wat hom uiteindelik ook die oog laat rus het op die suidpunt van Afrika waar 'n klein volk in wording was.

Twee groot aardrykskundige faktore sou voortaan die lotgevalle van die Britse volk beheers: sy ligging ten opsigte van die Europese vasteland en die see. Dit het aan die Britse buitelandse beleid 'n dualistiese karakter gegee. William Shakespeare het dit in sy digterlike taal as volg omskryf: "One foot in sea and one on shore/To one thing constant never."

In Europa het die Britte hulle teenoor volke bevind met 'n heelwat groter getalsterkte as hulle. Sommige het ook oor 'n sterker ekonomiese potensiaal beskik. Moondhede met 'n groot bevolking en 'n sterk ekonomiese potensiaal het van tyd tot tyd 'n neiging geopenbaar om na 'n alles oorheersende posisie in Europa te streef. Ter wille van sy eie veiligheid het Brittanje hom dan op onverbiddelike wyse teen so 'n moondheid geskaar. Sy beleid was die handhawing van die beginsel van die magsewewig. Oorloë wat Brittanje in Europa gevoer het, was steeds ter verdediging van die magsewewig waarin Brittanje sy eie veiligheid opgesluit geag het. Omdat sy bevolkingsterkte kleiner was as dié van die moondhede wat die beginsel van die magsewewig aangetas het, het Brittanje steeds alliansies of koalisies met

4. G.M. Trevelyan: England under the Stuarts (Penguin Books), pp.46—47.

ander moondhede gesluit. Brittanje sou hom nooit alleen in 'n oorlog begeef met 'n moondheid wat die beginsel van die magsewewig bedreig het nie.

Brittanje sou hom ook meermale bevind teenoor 'n moondheid wat 'n groter ekonomiese potensiaal as hy gehad het en wat dan as sy mededinger op die wêreldmark kon optree. Dit bring 'n mens by die rol wat die see sedert die einde van die sestiende eeu tot vandag toe in die lewe van die Britse volk gespeel het.

Die Britse staatsmanne van die afgelope vier eeue was ten opsigte van die see van twee feite diep deurdronge. Die eerste was dat Brittanje vir sy ekonomiese bestaan in steeds groter wordende mate van die wêreldhandel afhanklik geraak het. Sonder 'n stewige aandeel in hierdie handel sou Brittanje ekonomies ten gronde gaan. Hy moes grondstowwe uit alle dele van die wêreld invoer en hy moes fabrieksprodukte na alle dele van die wêreld uitvoer. Daarom moes Brittanje in besit van 'n groot handelsvloot wees. Fabrieke en skepe — daarop het die Britse ekonomiese lewe gerus. Die tweede feit was die veiligheid van Brittanje self. Dit het van die toestand ter see afgehang. 'n Moondheid wat die see beheers het, het Brittanje in die holte van sy hand gehad. Sy leërmagte sou dan in staat gewees het om op Britse bodem te land en sy gebied in besit te neem. Daar was dus twee groot dringende redes waarom Brittanje oor 'n sterk oorlogsvloot moes beskik: om sy veiligheid teenoor 'n aanval van 'n ander moondheid te verseker en om die nodige beskerming oral in die wêreld aan die handelsvloot te verleen. Die bekende Britse admiraal, lord Jellicoe, het nog in die twintigste eeu verklaar: "The sea is our life. By the use of it the Empire was formed. By holding it the Empire was preserved. If we fail to appreciate its value, the Empire will perish".[5]

Ter wille van sy eie ekonomiese bestaan het die Britse volk hom op die ruime see begeef. Die Brit het seeman en handelaar geword. Hy het hom na die Ooste begeef waar hy aanvanklik handelsfaktorye gestig het om allerlei tropiese ware aan te koop. Hy het hom na die westelike halfrond begeef waar hy 'n wêreld woes en vrywel leeg aangetref het en waar daar allerlei grondstowwe aanwesig was wat hy vir sy ekonomiese lewe kon gebruik.

Net soos dit met ander volke — die Spanjaarde, die Nederlanders en die Franse — die geval was, het dit op die duur by die Britte nie bloot by die handel gebly nie. Op die handel het die kolonisasie van sekere gebiede begin.[6] Van die begin van die sewentiende eeu tot vandag toe is een van die kenmerke van die Britse volkslewe 'n haas onafgebroke stroom immigrante na ander dele van die wêreld waar die Union Jack tot onlangs toe gewapper het. Geen ander deel van die mensdom het in die afgelope paar eeue so verspreid oor die aardbol geraak nie as juis die Angel-Saksers.

Handel en kolonisasie het so saamgespan om aan die Britse volk 'n nuwe doel in die lewe te gee. Dit was die skepping van 'n groot ryk. Die omstandighede het die Britte in hierdie strewe in buitengewone mate begunstig. Omdat Brittanje as eiland die vasteland van Europa die rug kon toekeer solank die beginsel van die magsewewig nie bedreig word nie, kon hy al sy aandag toespits op die see en die gebiede wat aan die ander kant daarvan geleë was. Brittanje kon hom die weelde veroorloof om slegs 'n geringe

5. G.D. Scholtz: Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word (Johannesburg, 1952), p.196.
6. Vgl. hieroor o.a. H.E. Eberton: A Short History of British Colonial Policy (Londen, 1924); The Cambridge History of the British Empire I—III (Cambridge, 1934, 1940 en 1959).

leërmag aan te hou. Solank sy vloot die see beheers het, was hy teenoor 'n vyandelike aanval veilig. Sy mededingers op die gebied van die handel en kolonisasie was almal vastelandse moondhede wat daarom 'n groot deel van hul tyd en kragte moes wy aan die beveiliging van hul grense teen potensiële vyande. Hulle moes groot leërmagte op die been hou ingeval oorlog mog uitbreek. Dit was vir hierdie moondhede daarom nie moontlik om al hul aandag aan die oorsese handel en kolonies te wy nie.

Sy beheersing van die see het Brittanje in dié mate 'n voorsprong bo sy mededingers gegee dat hy sy kolonies dié beskerming kon bied wat die ander nie aan hul besittings kon verleen nie. Beheersing van die see het Brittanje sedert die einde van die sewentiende eeu in staat gestel om in oorloë om die handhawing van die Europese magsewewig 'n bepaalde politiek en strategie te volg. Dit was om maar geringe militêre steun aan die stryd op die vasteland aan sy bondgenote te verleen. Brittanje sou hom hoofsaaklik op die stryd ter see toespits. Aan die oorlogsvloot is elke keer verskillende take toebedeel. Die eerste was vanselfsprekend om Brittanje teen 'n vyandelike inval te vrywaar. Die tweede was om die handelsvloot ter see die nodige beskerming te bied. Die derde was om die kolonies teen vyandelike aanvalle te beskerm. Die vierde was om 'n vyand van sy oorsese verbindinge af te sny deur sy oorlogsvloot te vernietig, sy kus te blokkeer en sy handelsvloot òf te verower òf te belet om die see te bevaar. So is 'n strategie van ekonomiese uitputting teen 'n vyand toegepas. Die vyfde was om, nadat 'n vyand so van sy oorsese koloniale besittings afgesny was, met die verowering daarvan 'n aktiewe rol te speel. So het Brittanje daarin geslaag om aan die begin van die agtiende eeu die beheersing van die Atlantiese en aan die einde daarvan ook dié van die Indiese Oseaan te verkry.

Beheersing van so 'n groot deel van die see deur Brittanje het van twee strewes vergesel gegaan. Die eerste was om in verskillende dele van die wêreld-steunpunte vir militêre en maritieme optrede vir die strydmagte te verkry. 'n Eerste steunpunt wat deur die Britte verower is, was Gibraltar in 1704 tydens die Spaanse Suksessie-oorlog. Dit het die Britte in staat gestel om die Middellandse See te beheers. Dergelike steunpunte het die Britse vloot des te doeltreffender in sy optrede gemaak. Die tweede was die verowering van nog meer kolonies. Dit was hoofsaaklik die beheersing van die see wat die Britte in staat gestel het om in 1758 die Franse kolonie Kanada te verower en om ook in hierdie tydperk vaste voet in Indië te verkry.[7]

Dit sou met die Britse uitbreiding in oorsese gebiede nie steeds voor die wind gaan nie. Om redes wat hier nie ter sake is nie, het die dertien Amerikaanse kolonies in 1774 teen die Britse gesag in opstand gekom en hulself twee jaar later onafhanklik verklaar. Na 'n lang oorlog was Brittanje in 1783 verplig om hierdie onafhanklikheid te erken.[8]

Uit hierdie nederlaag het die Britte die nodige lering geput. Hulle het besef dat die inwoners van kolonies wat uit Blankes bestaan het, in aansienlike mate toegelaat moes word om hul sake self te bestuur sonder direkte inmenging van die kant van die Britse parlement. Waar dit Oosterlinge gegeld het, wat steeds onder 'n despotiese bestuur gestaan het, was dit nie nodig om hulle enige seggenskap in die administrasie van die land te verleen nie.

7. Cambridge History of the British Empire I.
8. Cambridge History of the British Empire I.

Die verlies van die kolonies in Amerika en die verowering van steeds meer gebiede in Indië het veroorsaak dat die swaartepunt van die Britse koloniale ryk nou van die Atlantiese na die Indiese Oseaan verskuif het. Hierdie verskuiwing sou direkte invloed op die posisie van Brittanje in die wêreld uitoefen. Dit was hierdie feit wat Brittanje in staat gestel het om aan die einde van die agtiende eeu die Industriële Rewolusie te begin. Dit sal nodig wees om vir 'n wyle hierby stil te staan.

Oosterlinge, in teenstelling met Westerlinge, het die gewoonte om hul rykdomme in die vorm van geld, goud, silwer en edelgesteentes op te pot en nie as kapitaal aan te wend ten einde nog meer skatte te verkry nie. Hierdie Oosterse gewoonte het veroorsaak dat in veral Indië groot skatte opgehoop is wat nutteloos daar gelê het. Onder leiding van manne soos Robert Clive en Warren Hastings het die Britte in die tweede helfte van die agtiende eeu die reusagtige skatte met hul verowering van Indië buitgemaak. Dit is alles net so na Brittanje gestuur.

Europa het indertyd beleef wat vandag as die Wetenskapliek Rewolusie bekend staan. Geleerdes het die een ontdekking na die ander gedoen van die wette waarvolgens die natuur gereël word. Op die natuurwetenskaplike gebied was dit 'n eerste deurbraak na terreine wat vir die mens tot daardie stadium volkome onbekend was. Die ontdekking van hierdie wette het die mens nou vir die eerste maal in staat gestel om van natuurkragte soos stoom en elektrisiteit gebruik te maak. Daarvoor moes masjiene ontwerp word. Vervaardiging van dergelike masjiene het aansienlike bedrae aan kapitaal vereis.

Dit was net in hierdie stadium dat die stroom skatte van Indië na Brittanje begin vloei het. Hier was nou die kapitaal om van die Wetenskaplike na die Industriële Rewolusie oor te gaan. 'n Amerikaanse geleerde het in later jare geskryf: "It is not too much to say that the destiny of Europe hinged upon the conquest of Bengal" ('n deel van Indië).[9] Die Britte het nou oor die kapitaal en die kunde beskik om die een soort masjien na die ander te vervaardig en so verskillende industrieë op betreklike groot skaal te begin. So is die tydperk van die masjien, wat tot vandag toe voortduur, ingelui.

Die Britse volk geniet die eer dat hy die eerste die Industriële Rewolusie begin het. Dit het in die Britse volkslewe 'n verandering van diepgaande betekenis veroorsaak.[10] Dit sal nodig wees om 'n paar van die vernaamste veranderings, in soverre dit die posisie van Brittanje in die wêreld geraak het, hier kortliks aan te stip.

'n Eerste verandering was die feit dat die ekonomiese sterkte van Brittanje geweldig vermeerder het. Nou kon gebruik gemaak word van die hulpbron wat in die Britse bodem op so 'n oorvloedige wyse voorgekom het, nl. steenkool. 'n Menigte fabrieke wat van stoom of elektrisiteit gebruik gemaak het, het tot stand gekom om allerlei goedere waarvoor daar in vrywel alle dele van die wêreld aanvraag was, te vervaardig. Van ander dele van die wêreld het grondstowwe gekom om in fabrieksprodukte omgeskep en dan weer uitgevoer te word. Die Britse handelsvloot moes gedurende die negentiende eeu geweldig uitgebrei word om die grondstowwe en die fabrieksprodukte te vervoer. Die Britte het inderdaad die vragvaarders van die wêreld geword. Hierdie handel en vervoer het groot somme geld na

9. Brooks Adams: The Law of Civilization and Decay (New York, 1921), p.305.
10. J.L. en Barbara Hammond: The Rise of Modern Industry (Londen, 193).

Brittanje laat vloei. So het die tydperk van die hoogkapitalisme ontstaan. Hierdie geld is aangewend om aan kapitaalarme lande te leen of om op voordelige wyse daar te belê. So het die Britte ook die bankiersvolk van die wêreld geword. Die Londense geldmark was vir ander volke eenvoudig onontbeerlik.

'n Tweede verandering was die wyse waarop Brittanje sy buitengewone ekonomiese sterkte kon aanwend om sy politieke oogmerke in die wêreld te bevorder. Brittanje kon van ekonomiese mag gebruik maak waar ander moondhede van militêre mag gebruik moes maak. 'n Britse deskundige op die gebied van die internasionale verhoudinge het geskryf: "The economic weapon is pre-eminently the weapon of strong power."[11]

Die posisie van 'n land in die wêreld hang van veral twee faktore af: die getalsterkte van sy bevolking en sy ekonomiese sterkte. Laasgenoemde faktor dien ook as basis vir militêre sterkte en die geestelike of kulturele peil van 'n volk. Wanneer dit op getalsterkte aangekom het, kon die Britte nie opweeg teen volke soos die Franse, die Duitsers en die Russe en later ook die Amerikaners nie. Hulle het die Britte ten opsigte van getalsterkte oortref. Wanneer dit op ekonomiese sterkte aangekom het, het Brittanje aanvanklik 'n ekonomiese krag geopenbaar wat dié van ander lande ver oortref het.

Die groot ekonomiese krag van Brittanje het hom reeds tydens die oorloë teen die rewolusionêre Frankryk en teen Napoleon Bonaparte van 1793 tot 1815 geopenbaar. Twee faktore het Brittanje in staat gestel om hierdie lang stryd vol te hou. Die eerste was die beheersing van die see. Daardeur kon Frankryk van die wêreld buite Europa volkome afgesny word. Ekonomies is hy daardeur swaar getref. Die tweede was die ekonomiese sterkte van Brittanje wat as gevolg van die oorlog steeds toegeneem het.[12]

Die finale val van Napoleon in 1815 het Brittanje in staat gestel om die Europese vasteland, waar die magsewewig nou herstel was, die rug toe te keer en hom op die ekonomiese ontwikkeling van sy groot ryk toe te lê. Dit was hoofsaaklik die besit van hierdie ryk en sy ongeëwenaarde ekonomiese sterkte wat veroorsaak het dat die negentiende eeu as die Britse eeu bestempel is. Brittanje het 'n posisie in die wêreld beklee wat geen ander moondheid voor hom ooit gehad het nie.

Die posisie wat hy so beklee het, het die Britse volk geestelik diep beïnvloed. Die Britte het hulself begin sien as die voortsetters van die taak wat die Romeine soveel eeue voor hulle vervul het. Dit was om oral in die wêreld waar hul gesag gevestig was, vrede en 'n stabiele bestuur te skep. Daarom het hulle geroem op die *Pax Britannica* (Britse vrede).

Hierdie opvatting van die Britte sou in die tweede helfte van die negentiende eeu versterk word deur 'n gebeurtenis op die biologiese terrein, d.w.s. 'n saak wat eintlik in geen verband tot die politiek staan nie. Dit was die verskyning in 1859 van 'n boek wat die Brit Charles Darwin laat verskyn het onder die titel *The Origin of Species by Means of Natural Selection or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life.* Darwin het die ontstaan van alle vorme van lewe, van die laagste tot die hoogste, aan 'n proses van ewolusie toegeskryf. Hul groei en ontwikkeling was die resultaat van 'n "struggle for life". Hiervan het hy geskryf: "Owing to this struggle, variations, if they be in any degree profitable to the individuals of a species

11. E.H. Carr: The Twenty Years' Crisis 1919—1939 (Londen, 1940) p.167.
12. Cambridge History of the British Empire II.

..... will tend to the preservation of such individuals, and will generally be inherited by the offspring ..... I have called this principle, by which each slight variation if useful, is preserved, by the term Natural Selection ..... But the expression often used by Mr. Herbert Spencer of the Survival of the Fittest is more accurate, and is sometimes equally convenient."[13]

Die aanvaarding van die ewolusieleer van Darwin het eintlik soos 'n wêreldbrand onder die Britte versprei. So snel het dit daarmee gegaan dat die ewolusieleer in die laaste kwart van die negentiende eeu ook na die terrein van die politiek en die internasionale verhoudinge oorgedra is. Daar het dit deel geword van die beweging wat vandag as die imperialisme bekend is. Die imperialisme sou inderdaad uit twee bronne ontspring: 'n materiële en 'n geestelike. Dit sal nodig wees om hierdie twee bronne te bespreek.

Die eerste was die bevordering van die ekonomiese lewe van die Britse volk deur die Ryk steeds verder uit te brei. Joseph Chamberlain, wat in 1895 minister van kolonies geword het, het eenmaal in 'n toespraak verklaar dat "the Empire is commerce. It was created by commerce, it was founded on commerce, and it could not exist a day without commerce."[14] Die groot strewe moes wees om die Ryk ekonomies selfgenoegsaam te maak. Die verskillende dele van die Ryk moes met sterk politieke en ekonomiese bande aan Brittanje gebind word. Dié dele met 'n aansienlike Blanke bevolking het binnelandse selfbestuur geniet. Dié dele wat deur Nie-Blankes bewoon is, sou vanuit Londen bestuur word. Die beskerming wat die Britse vloot gebied het, sou die groot saambindende krag vir die hele Ryk wees.

Veral met die oog op wat in Suid-Afrika gebeur het, is dit belangrik om daarop te let dat Indië die betekenis wat dit vir Brittanje in die agtiende eeu gekry het, dwarsdeur die negentiende eeu behou het. Nog aan die begin van die twintigste eeu het lord Curzon, wat enige jare lank onderkoning was, verklaar: "Without India the British Empire could not exist ....."[15]

Samevattend kan gesê word dat Brittanje alleen 'n leidende moondheid in die wêreld kon word op grond van die feit dat hy uit die ryk wat hy oral uit dele van die aardbol geskep het, dié mate van ekonomiese mag kon put wat hy nie uit eie bodem kon verkry nie. Dit het hom dié mate van sterkte verleen wat sy bevolkingsgetal nie kon doen nie. Sonder die besit van 'n ryk sou Brittanje moes daal tot 'n moondheid van die tweede of derde rang. Sy ekonomiese sterkte, waarop ook sy beheersing van die see gerus het, het hom egter die mag verleen om op die internasionale terrein dikwels die beslissende woord te spreek. Brittanje was sterk, omdat hy oor die grootste vloot beskik het. Hy kon 'n groot vloot aanhou, omdat hy ekonomies so magtig was. Hy was ekonomies sterk, omdat hy die besitter van 'n groot koloniale ryk was. Soos latere gebeurtenisse aangetoon het, het hierdie sterk Brittanje 'n Achilleshiel besit in die feit dat hy ten opsigte van bevolkingsterkte deur sommige ander moondhede oortref is. Hierdie feit sou hom egter eers aan die einde van die negentiende eeu begin openbaar. Daarop sal teruggekom moet word.

Die tweede of geestelike bron van die Britse imperialisme was die ewolusieleer van Darwin. Sy beginsel van "the struggle for existence" en "the

13. Charles Darwin: The Origin of Species (Oxford, 1963), p.63.
14. G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog (Johannesburg, 1949), p.10.
15. K.S. Shelvankar: The Problem of India (Penguin Books), p.5.

survival of the fittest" is deur miljoene Britte aanvaar as van deurslaggewende betekenis vir die politieke lewe. Soos selfs die laagste organismes teen mekaar sou meeding om aan die lewe te bly, so stry ook die volke teen mekaar om in besit te kom van die materiële dinge wat vir die vervulling van hul primêre behoeftes absoluut onontbeerlik is. Hierdie stryd word steeds besleg ten gunste van dié volke wat oor die beste fisieke en psigiese vermoëns beskik. Wie liggaamlik en geestelik die sterkste is, voldoen aan die beginsel van "the survival of the fittest". Mag is reg en die hele aardryk met al sy rykdomme is die erfdeel van diegene wat in "the struggle for existence" as die oorwinnaar uit die strydperk tree. 'n Aantal voorbeelde van hoe die ewolusieleer die politieke beskouings van die Britte beïnvloed het, sal daarom hier van pas wees.

Prof. Karl Pearson, 'n bekende Britse geleerde, het geskryf: "History shows me one way, and one way only, in which a high state of civilization has been produced, namely, the struggle of race with race, and the survival of the physically and mentally fitter race. If men want to know whether the lower races of man can evolve a higher type, I fear the only course is to leave them to fight it out among themselves, and even then the struggle for existence between individual and individual, between tribe and tribe, may not be supported by the physical selection due to a particular element on which probably so much of the Aryans' success depended."[16]

Verskeie leidende Britse politici was van die beginsels van Darwin deurdronge. So is van sir Charles Dilke, skrywer van die boek *Greater Britain*, getuig: "He combined a fervent English nationalism with radical sentiments and incorporated Gobineau's idea of racial inequality along with Darwin's principle of natural selection."[17]

Onder die Britse imperialiste het veral drie manne uitgetroon: lord Rosebery, Joseph Chamberlain en sir Alfred Milner. Hulle het die Britse Ryk gesien as "the greatest business organisation in the world". Van hulle is geskryf: "They preferred order to freedom. They cared little for international trends. In this they had emphasised the element of race in Dilke's ..... much subtler moral association: a factor further reinforced by a lunatic fringe with arguments from Darwin which rationalised British self-interest and which equated the strongest with the fittest, might with right and the Elect with battalions."[18]

Rosebery self het die Britse Ryk bestempel as "the greatest secular agency for good in the world".[19] Chamberlain het verklaar dat "the Anglo-Saxon race is infallibly destined to be the predominant force in the history and civilization in the world".[20]

Aan die einde van sy lewe het Milner oor sy politieke beskouings geskryf: "I am a nationalist and not cosmopolitan." 'n Nasionalis, so het hy verklaar, "believes this is a law of human progress, that competition between nations, each seeking its maximum development, is the divine order of the world, the law of life and progress". Hy het voortgegaan: "My patriotism knows no geographical, only racial limits. I am an Imperialist ..... because I am a British race patriot. It seems unnatural to me ..... to lose interest and

16. J.A. Hobson: Imperialism (Londen, 1938), pp.161—62.
17. R. Koebner and H.D. Schmidt: Imperialism (Cambridge, 1964), p.99.
18. Cambridge History of the British Empire III (Cambridge, 1959), pp.347—48.
19. J.A. Hobson: Imperialism (Londen, 1938), p.163.
20. *Ibid.*, p.163.

attachment to my fellow countrymen because they settle across the sea." Milner het sy geloofsbelydenis as volg afgesluit: "The United Kingdom is no longer the power in the world it once was, or in isolation capable of remaining a power at all. It is no longer even self-supporting." Dit was waarskynlik 'n moeilike erkenning vir Milner om te doen. Tog het hy lig gesien, want die Britse dominiums as geheel "are not only self-supporting. They are more nearly self-sufficient than any other political entity ..... that is if they can be kept an entity, if their present loose and fragile organisations can be made tenacious, though elastic." Dat hy ook die Darwinisme as lewensbeskouing aanvaar het, blyk duidelik uit wat Milner daarop laat volg het: "This brings us to our first great principle — follow the race. The British State must follow the race, must comprehend it, wherever it settles in appreciable numbers as an independent community. If the swarms constantly being thrown off by the present hive are lost to the State, the State is irreparably weakened. We cannot afford to part with so much of our blood."[21]

Wanneer die Tweede Vryheidsoorlog bespreek word, sal aangetoon word dat baie Britte dit ook gesien het in die lig van die beginsel van "the struggle for existence" en "the survival of the fittest".

Die Britte het die einde van die negentiende eeu met twee opvattings genader. Ten eerste, hulle is die leidende industriële volk met 'n groter ekonomiese produksie as enige ander. Ten tweede, hulle is die volk wat die beste beantwoord aan die eise wat gestel word deur die beginsel van "the struggle for existence" en "the survival of the fittest". Heel plotseling, nog voor die nuwe eeu sou daag, moes die Britte tot hul grootste ontnugtering en bekommernis ontdek dat hulle politiek nie so magtig was as wat hulle gedink het nie en dat hulle ekonomies deur sekere volke agterhaal en verbygestreef word. Daarmee is ook hul opvatting dat hulle by uitstek die volk was wat aan die groot beginsel van die Darwinisme voldoen, aangetas. Tussen hierdie ontnugterende ontdekkings van die Britse volk en die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog bestaan daar 'n uiters noue verband en daarom sal dit nodig wees om daarop in te gaan.

Sedert die einde van die Krimoorlog in 1856 het Brittanje in die formulering van sy buitelandse beleid die beginsel van "splendid isolation" gehandhaaf. Hy wou hom aan geen enkele moondheid verbind om gemeenskaplike politiek te volg nie. Brittanje het in die tweede helfte van die negentiende eeu vir hom slegs een potensiële vyand gesien. Dit was so omdat Rusland oral die belange van Brittanje in die Ooste wou aantas. Rusland wou oor Turkye na die Middellandse See en oor Persië (Iran) na die Indiese Oseaan deurdring. Dit sou die kortste verbinding tussen Brittanje en Indië aan die bedreiging van Rusland oorlewer. In die binneland van Asië wou Rusland graag die hand op Afghanistan lê, wat hom tot by die noordwestelike grens van Indië sou gevoer het. Daar is reeds op gewys van welke groot ekonomiese betekenis Indië vir Brittanje was. Sedert die veertigerjare het Brittanje hom ook in toenemende mate op die handel met China begin toespits en daarom het hy geprobeer om politiek en ekonomies daar 'n oorheersende rol te vervul. In die negentigerjare het Rusland op stelselmatige wyse daarna begin streef om die noordelike dele van China binne sy invloedsfeer te trek en ander moondhede ekonomies daaruit te weer. Van Kon-

21. J.E. Wrench: Alfred Lord Milner: the Man of no Illusions, p.386; The Star, 27.7.25.

stantinopel, oor Teheran en Kaboel, tot Peking het die Britte en die Russe dus teenoor mekaar gestaan.

Rusland was die Europese moondheid waarteen Brittanje nie sy vloot as die vernaamste wapen kon gebruik nie. Om Rusland te blokkeer en van die res van die wêreld af te sny, soos met 'n ander Europese moondheid gedoen kon word, was 'n taak wat ver bo die vermoë van die Britse vloot was. En omdat hy nie sy vloot teen Rusland kon gebruik nie, was Brittanje magteloos teenoor sy voortdringing in Asië. Die biograaf van Chamberlain het in latere jare gekonstateer: "It is true though painful to say that towards the end of March 1898 the British Government as a body did not know what to do."[22] Dieselfde skrywer het ook beweer: "The world believed that Britain had suffered a diplomatic *débâcle* hardly to be repaired, exhibiting our decay not only in real Imperial strength but in the pith of national character."[23]

Nog 'n moondheid teen wie Brittanje besef het dat hy niks kon vermag nie, was Amerika. Hoewel die Amerikaans-Britse verhouding nooit so gespanne sou word as die Brits-Russiese verhouding nie, het die manne van Londen steeds onder die besef daarvan verkeer dat dit in hul eie belang was om die manne van Washington bevriend te hou. Die Britse vloot het vir die Amerikaners geen vrees ingehou nie. Toe Brittanje dit derhalwe in 1895 met die Suid-Amerikaanse staat Venezuela aan die stok gekry het en pres. Grover Cleveland van die Verenigde State hom op die Monroeleer beroep het, nl. dat geen Europese inmenging in die westelike halfrond geduld sou word nie, het Londen hom onmiddellik gehaas om die moeilikheid in der minne te skik.[24] Ook dit was vir die Britse prestige aan die einde van die negentiende eeu nie bevorderlik nie.

Reeds toe het Brittanje begin besef dat, ten spyte van sy ekonomiese sterkte, sy besit van 'n groot koloniale ryk en die beheersing van sy see deur sy vloot, hy dit nouliks kon waag om 'n vyand te maak van 'n volk wat sy getalsterkte ver oortref het.

Dit was vir die Britse staatsmanne nou volkome duidelik dat die dae van "splendid isolation" verby was. Brittanje was wel in staat om kragtig op te tree teen moondhede wat swakker as hy was soos in 1898 nog met Frankryk gedoen is, toe hy streng beveel is om hom van die Nyl in die Soedan te verwyder. Dit was in sulke omstandighede dat Brittanje vir die eerste maal in ruim vyftig jaar behoefte gevoel het om 'n bondgenootskap of 'n verstandhouding met 'n sterk moondheid aan te gaan. Die Britse oë het op die so snel opkomende Duitsland geval. In 1898 het tussen die Duitsers en die Britte samesprekings oor die sluiting van 'n alliansie plaasgevind. Dit is voldoende om hier net aan te stip dat geen ooreenkoms bereik is nie.[25]

Het die Britte reeds voor die einde van die negentiende eeu op die politiek-militêre terrein tot hul ontnugtering ontdek dat, ten spyte van die gees van selfoorskatting, hulle geensins so sterk was as wat hulle gemeen het nie, ook op die ekonomiese terrein het hulle dit as 'n skok ervaar dat hulle deur sekere ander volke eenvoudig verbygestreef word. Daarvoor het die syfers en ander gegewens 'n te duidelike taal gespreek.

Wat die syfers onder meer geopenbaar het, was dat Brittanje tussen

22. J.L. Garvin: The Life of Joseph Chamberlain III (Londen, 1934), p.254.
23. *Ibid.*, p.253.
24. *Ibid.*, hoofstuk LIII.
25. *Ibid.*, hoofstukke LVIII en LIX; J.A.S. Grenville: Lord Salisbury and Foreign Policy (Londen, 1964), hoofstuk VII.

1880 en 1900 sy uitvoer met slegs 23 persent kon vermeerder, terwyl dié van Amerika met 76 persent en dié van Duitsland met 54 persent gestyg het.[26] Die Britse staalproduksie was vir 1881—85 gemiddeld 1 970 000 ton per jaar. Dié van Amerika was 1 650 000 ton en dié van Duitsland 1 070 000 ton. Die produksie vir die jaar 1896—1900 het egter 'n totaal ander beeld gegee. Van die grootste staalprodusent in eersgenoemde tydperk het Brittanje tot die derde posisie gedaal. Die Britse produksie het 4 660 000 ton per jaar beloop. Dié van Amerika was reeds 8 450 000 ton en dié van Duitsland 5 520 000 ton.[27]

Slegs ten opsigte van die steenkoolwinning het Brittanje 'n voorsprong bo sy naaste Europese mededinger, Duitsland, behou. In 1890 het Brittanje 'n steenkoolproduksie van 181 600 000 ton gehad en in 1900 225 200 000 ton.[28] Dié van Duitsland was in eersgenoemde jaar 86 800 000 ton en in laasgenoemde jaar 144 500 000 ton.[29]

Ten opsigte van bevolkingsterkte kon Brittanje teen die einde van die negentiende eeu geen tred meer met sommige van die ander moondhede hou nie. In 1890 het Amerika 'n inwonertal van 62 600 000 siele gehad en in 1900 75 900 000. Vir Duitsland was die ooreenstemmende syfers 49 400 000 en 56 300 000. Vir Brittanje was dit 38 100 000 en 41 900 000.[30] Die groei van die Britse bevolkingsterkte was dus veel geringer as die Amerikaanse en die Duitse.

Daar kan beweer word dat ten opsigte van die twee vereistes vir die status van grootmoondheid, nl. bevolkingsterkte en ekonomiese produksie, Brittanje reeds in die laaste dekade van die negentiende eeu nie dieselfde vooruitgang as sy vernaamste mededingers geopenbaar het nie. Dit was hierdie toestand van sake wat die Amerikaanse skrywer Brooks Adams, wat 'n haas profetiese siening van die toekoms gehad het, laat skryf het: "The support of the United States may be said to be vital to England, since, without it, if attacked by a Continental coalition, she would have to capitulate. Great Britain may, therefore, be not inaptly described as a fortified outpost of the Anglo-Saxon race, overlooking the eastern continent and resting upon America."[31] Die twee groot oorloë van die eerste helfte van die twintigste eeu het die waarheid van hierdie siening van die posisie van Brittanje reeds aan die einde van die negentiende eeu bevestig.

Nog tydens die oorlog in Suid-Afrika het lord George Hamilton, 'n bekende Brit, hom op 2 April 1902 genoodsaak gevoel om te skryf: "The immense development of the material prosperity of the world and the increase of production are enabling foreign nations in all parts of the world to more effectively compete with us.Our supremacy in many branches of life and work ..... is now going, and it will require men of exceptional capacity, resolution and tenacity to bridge over the time in which we shall pass from the old position we occupied in the nineteenth century to that which ..... the British Empire ought to occupy in the twentieth and succeeding centuries....."[32]

26. G. Schulze-Gaevernitz: Britischer Imperialismus und Englischer Freihandel (München, 1915), p.260.
27. *Ibid.*, p.278.
28. *Ibid.*, p.288.
29. S.F. van Oss: Duitschland en de Wereldhandel (Den Haag, 1917), p.39.
30. R.C.K. Ensor: England 1870—1914 (Oxford, 1966), p.269.
31. Brooks Adams: America's Economic Supremacy (New York, 1947), p.70.
32. J.A.S. Grenville: Lord Salisbury and Foreign Policy (Londen, 1964), p.322.

Wie daarom 'n studie wil maak van die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, sal in hierdie relatiewe verswakking van die posisie van Brittanje in die wêreld die vernaamste rede vind. Brittanje het bekommerd geraak oor sy mindere vooruitgang in vergelyking met sommige ander moondhede en het daarom na 'n geleentheid gesoek om hulle onder die indruk van sy groot krag en sterkte te bring.

3.

*Die Afrikanervolk*

Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 begin het, kon die Britse volk op 'n verlede van sowat vyftien eeue terugkyk. Die Afrikaners het daarteenoor 'n verlede van nouliks 250 jaar gehad. Die Britte het dus baie eeue lank tyd gehad om as volk te groei en 'n eie karakter te vorm. Die Afrikaner het nouliks die tyd daarvoor gehad. Vier besondere feite sou die posisie van die Afrikaanse volk in hierdie 250 jaar beheers en ook grootliks daartoe bydra om die uitslag van die Tweede Vryheidsoorlog te bepaal.

Die eerste feit is dat die Blankes nie na Suid-Afrika gekom het ter wille van hulself nie. Suid-Afrika het niks besit wat hul begeerte opgewek het nie. Intrinsiek was daar in Suid-Afrika niks wat hulle kon verryk nie. Sy waarde was nie van ekonomiese aard nie, maar wel van strategiese aard. Sy aardrykskundige ligging in die wêreld was sodanig dat die Europese moondheid wat hom in besit gehad het, sy seevaaart na en van die Ooste daardeur aansienlik kon vergemaklik. Hoe meer die Weste (Europa) ekonomies van die Ooste afhanklik geword het, hoe hoër het die strategiese betekenis van Suid-Afrika gestyg. Dit was die lig waarin eers die Nederlanders en later die Britte Suid-Afrika gesien het. Nie een van die twee het as doel gehad die ontstaan van 'n nuwe en selfstandige volk op Suid-Afrikaanse bodem nie. Suid-Afrika het as't ware sy eie volk geskep. Sowel die Nederlanders as die Britte het aanvanklik aan immigrasie gedink om die Blanke element te versterk, maar albei het dit na enkele pogings gestaak.

Dit bring 'n mens vanself by die tweede feit. Dit was die afwesigheid van ekonomiese hulpbronne in die gebied waarop die Afrikaanse volk kort na 1652 tot stand gekom het. Hier was geen minerale wat benut kon word nie. 'n Ongereëlde reënval en 'n onvrugbare bodem het veroorsaak dat uit die landboubedryf maar 'n karige bestaan gemaak kon word. En vir wat die boer geproduseer het, het daar nouliks 'n mark bestaan. Oor 'n tydperk van iets meer as twee eeue het Suid-Afrika inderdaad in 'n ekonomiese stagnasie verkeer waarvoor niemand 'n oplossing gehad het nie.[33] Armoede was die lot van die klein Afrikaanse volk. Daar was vir hom geen stewige materiële basis waarop 'n ryke geestelike lewe gebou kon word nie.

Uit die afwesigheid van versterking deur immigrasie en die aanvanklike gebrek aan ekonomiese hulpbronne het die derde feit voortgevloei. Dit was die geringe getalsterkte van die nuwe volk wat as Afrikaners bekend gestaan het. Hierdie volk sou op 'n uiters smalle basis ontstaan. In 1652 het die volksplanting tot stand gekom. In 1657 het die eerste vryburgers hulle aan die voet van Tafelberg as boere gevestig. Presies vyftig jaar daarna is reeds afgesien

33. Vgl. hieroor G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner I (Johannesburg, 1967).

van enige georganiseerde poging om Suid-Afrika se blanke bevolking met immigrante te versterk.[34] Die gevolg hiervan was dat die Afrikaners hoofsaaklik op hul natuurlike aanwas staat moes maak om hul getalle te vermeerder. Hiermee het dit vanselfsprekend langsaam gegaan, hoewel tot die begin van die twintigste eeu 'n hoë geboortesyfer gehandhaaf is. Hoe langsaam die groei tydens die Nederlandse bewind was, blyk uit die volgende syfers. In 1703, vyftig jaar na die stigting van die volksplanting, was daar nog maar 1 652 Afrikaners.[35] Nog vyftig jaar later, in 1754, was die syfer 5 510. In 1806, nadat die volksplanting dus 150 jaar bestaan het, het die Kaapkolonie in Britse hande oorgegaan. Daar was toe nog maar 25 757 Afrikaners.[36] Aan die einde van die negentiende eeu, toe die Tweede Vryheidsoorlog gewoed het, het die Afrikaners aangegroei tot 'n getalsterkte van ruim 500 000 siele.[37]

Daar is reeds op gewys dat die kleiner getalsterkte van die Britse volk in vergelyking met sekere ander sy posisie in Europa en in die wêreld diep beïnvloed het en hom eintlik gedwing het om politiek 'n sekere rigting op te gaan. Nog veel dieper sou sy geringe getalsterkte die posisie van die Afrikanervolk beïnvloed. In die eerste plaas sou dit hom in 'n minderheid teenoor die Nie-Blankes plaas. Daaroor hoef egter nie uitgewei te word nie. In die tweede plaas het dit hom vrywel weerloos teenoor 'n volk gemaak wat die see beheers het.

Dit bring 'n mens by die vierde feit wat die politieke lotgevalle van die Afrikanervolk bepaal het. Dit was dat Suid-Afrika in 1806 van Nederlandse in Britse besit oorgegaan het. Brittanje het hom van die Kaapkolonie om net een rede meester gemaak. Dit was strategies van aard. Van 1793 tot 1815, so is reeds gemeld, het daar byna onafgebroke oorlog tussen Brittanje en Frankryk geheers. Die Britse volk kon die stryd teen die soveel getalsterker Franse volk alleen win, indien hy die see beheers het om so die rykdomme van Indië te benut. Dit het Suid-Afrika binne die gesigskring van die Britse staatsmanne en stratege gebring. Indien van die Kaap as basis gebruik gemaak kon word, sou die seeweg tussen Brittanje en Indië des te beter beheers word. 'n Paar uitlatings van vooraanstaande Britte toon hierdie opvatting duidelik aan.

Sir Francis Baring van die Britse Oos-Indiese Kompanjie het vroeg in 1795 van die Kaap getuig: "It commands the passage to and from India as effectually as Gibraltar doth the Mediterranean."[38] Kapt. John Blankett het weer geskryf: "Whatever tends to give France the means of obtaining a footing in India is of consequence to us to prevent, it would be idle in me to say anything more to point out the consequences of the Cape than to say that what was a feather in the hands of Holland will become a sword in the hands of France."[39]

Nadat die Kaap in 1795 verower was, het lord Macartney in 1797 van hierdie besitting geskryf: "Its chief importance to us arises from its geographical position, from its forming the master link of connection between the western and eastern world, from its being the great outwork of our

34. Vgl. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner I (Johannesburg, 1967), p.62.
35. *Ibid.*, p.59.
36. *Ibid.*, pp.68—69.
37. Ongepubliseerde manuskrip van G.D. Scholtz: 'n Woord tot die Afrikaner, hoofstuk II.
38. G.D. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek (Johannesburg, 1954) p.77.
39. *Ibid.*, p.78.

Asiatic and Indian Empire."[40] Sir George Young het in 1800 gekonstateer: "I assert that whoever has the Cape is Master of the Commerce of India".[41] Die Markies van Wellesley het dieselfde jaar getuig: "The great utility of the Cape of Good Hope is to serve as a depot and as an outpost of our Indian Empire, from whence seasoned troops may suddenly be drawn for the defence of our possessions in any emergency which may arise."[42] Die skrywer John Barrow het die Kaap genoem "the physical guarantee of the British territories in India".[43]

Dit is uit hierdie uitlatings duidelik dat die Britte steeds die Kaap in verband met hul besit van Indië gebring het. Strategies was die Kaap een van hul belangrikste besittings, maar ekonomies was hy vir hulle van min waarde. So het admiraal Curtis in 1800 geskryf: "I think it is physically impossible that it (die Kaap) can ever be fruitful or produce articles of any consideration, the expectation of which would render it a prosperous or rich colony ..... To me it appears clearly that the colony, merely as a colony, can never be of any advantage to Great Britain. What advantage the Cape may be to us as a post, or what mischief it may be to Great Britain if in the hands of another nation, are questions of a nature very distant from colonial considerations."[44]

In die strategiese waarde wat die Britte aan die einde van die agtiende eeu aan die besit van die suidpunt van Afrika geheg het, moet 'n mens reeds die kiem sien van die ontstaan van die Tweede Vryheidsoorlog wat honderd jaar later aan die einde van die negentiende eeu uitgebreek het. Die besit van Suid-Afrika het vir Brittanje dringend noodsaaklik geword, indien hy die status van leidende moondheid wou handhaaf.

Wat was nou die reaksie van die handjievol Afrikaners daarop dat hul vaderland haas geen ekonomiese hulpbronne gehad het nie, dat hul getalsterkte nooit noemenswaardig deur immigrante versterk is nie, sodat na anderhalfeeu daar nog maar iets meer as 25 000 siele was en dat hulle aan die begin van die negentiende eeu onder die Britse gesag gekom het? Twee faktore het die optrede van die Afrikaners beïnvloed.

Die eerste het hul houding ten opsigte van die gebrek aan ekonomiese hulpbronne gereël. Anders as die Nederlanders en die Britte wat weens gebrek aan hulpbronne in hul lande die aangesig na die see gewend het, het die Afrikaners weer hul aangesig na die land gerig. Noord- en ooswaarts van Tafelbaai het 'n uitgestrekte gebied gelê wat, met die uitsondering van klein groepies rondswerwende Boesmans of Hottentotte, heeltemal leeg gelê het. So het hy die pionier in Suider-Afrika geword. En die enigste materiële besittings wat hierdie pioniervolk geken het, was die besit van grond en vee. Diep in die binneland van Suid-Afrika sou die Afrikaner deur die so snel opkomende kapitalisme in Europa nouliks geraak word. Ryk sou sy grond en vee hom nouliks maak. Eintlik het hy aan rykdom niks gehad nie, want aan die stille en afgesonderde lewe van veeboer was hy diep en innig geheg en hy sou daarvan vir geen geld afstand wou doen nie. Solank hy in staat was om deur ruilhandel in sy vernaamste primêre behoeftes te kon voorsien, het hy aan die res van die wêreld net een eis gestel. Dit was om volkome met rus

40. G.D. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek (Johannesburg, 1954), p.92.
41. *Ibid.*, p.92.
42. *Ibid.*, p.92.
43. *Ibid.*, p.92.
44. Admiral Sir Herbert Richmond: Statesmen and Sea Power (Oxford, 1947), p.182.

gelaat te word. Aan die gewoel en die gewerskaf van die buitewêreld het die Afrikanerveeboere geslagte lank niks gehad nie.

Die tweede faktor was die vryheidsin van die Afrikaner. Dit was iets wat hy deels van sy Nederlandse voorsate geërf het. In hierdie opsig het die Calvinisme 'n groot rol gespeel. Die Calvinisme was een van die vernaamste prikkels wat die Nederlandse volk tagtig jaar lank teen die koning van Spanje laat stry het. Saam met die Nederlanders is ook die Calvinisme na Suid-Afrika geneem waar dit die grondslag van die lewensbeskouing van die nuwe volk geword het. Anderdeels het die vryheidsin van die Afrikaner uit die plaaslike omstandighede voortgespruit. Die Afrikaners wou as boere die vryheid geniet om hul eie heil uit te werk. Daarom wou hulle aan die een kant seggenskap in die bestuur van hul eie land hê en aan die ander kant moes die hand van die owerheid nie swaar op hulle druk nie. Dit was daarom dat die Afrikaners hulle reeds aan die begin van die agtiende eeu teen die bestuur van goewerneur W.A. van der Stel verset het [45] en aan die einde van hierdie eeu het hulle met die bekende Patriottebeweging gekom. Dit het ten doel gehad die verwydering van sekere ekonomiese griewe en die verkryging van sekere mate van seggenskap vir die Afrikaners in die bestuur van hul land. [46] In 1795 het die twee distrikte Graaff-Reinet en Swellendam selfs die bestuur van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie opgesê. [47]

In 1806 het die Nederlandse bewind in Suid-Afrika vir goed tot 'n einde gekom en is dit deur die Britse gesag vervang. Die wel en wee van die klein Afrikaanse volk sou nou in aansienlike mate afhang van allerlei besluite wat in Londen geneem is.

Al was die Afrikaners en die Britte geneties nou aan mekaar verwant, het albei kultureel 'n eie ontwikkeling deurgemaak. Dit het veroorsaak dat daar op Suid-Afrikaanse bodem 'n kultuurbotsing ontstaan het wat tot vandag toe, sy dit in 'n sterk gewysigde vorm, voortduur. Sekere ander faktore, o.m. die rassebeleid van die Britse regering, het veroorsaak dat 'n aansienlike groep Afrikaners in die dertigerjare tot die besluit gekom het dat die handhawing van hul identiteit nie meer met die Britse gesag verenig kon word nie. Hulle het daarom getrek met die doel om hulle buite die Britse gebied te vestig en daar 'n eie staat of republiek te stig. Daardeur is 'n nuwe politieke teenstelling geskep wat eers sestig jaar later met die Tweede Vryheidsoorlog beëindig is.

Agtereenvolgende Britse regering moes die vraag beantwoord wat hul houding moes wees teenoor mense wat hul gesag nie meer wou erken nie en wat aanspraak daarop gemaak het dat hulle volkome vry was. Die eerste Britse regerings wat met hierdie saak te doen gekry het, het almal van die standpunt uitgegaan dat hulle die aanspraak van die Afrikaners op politieke vryheid nie kon erken nie. Dit was dan ook een van die vernaamste redes waarom hulle die totstandkoming van 'n Afrikaanse republiek op Natalse bodem aan die Indiese Oseaan nie wou erken nie. Die Britte het nl. onmiddellik aan hul ekonomiese en strategiese belange gedink. Britse skepe na

45. Vgl. hieroor L. Fouché: Het Dakboek van Adam Tas (Londen, 1914); F.C. Dominicus: Het Ontslag van Wilhelm Adriaan van der Stel (Rotterdam, 1928); G.M. Theal: Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches (Kaapstad 1913); G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner I (Johannesburg, 1967).
46. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke ..... I (Johannesburg, 1967).
47. P.A. Wieringa: De Oudste Boeren-Republieken Graaff-Reinet en Swellendam van 1795 tot 1806 (Den Haag, 1921).

en van Indië moes vlak by die Natalse kus verbyvaar. In 1839 is steenkool in Natal ontdek. Dit het 'n amptenaar van die Britse departement van kolonies laat skryf: "This refers to a curious and important subject, the existence of available mines of coal at or near Port Natal ..... The advantage of a steady supply of that article at such a place would be exceedingly great." [48] Indien Britse skepe wat op Indië gevaar het, steenkool in Natal kon kry, sou dit van groot voordeel gewees het. Namate die hulpbronne van Suid-Afrika ontbloot is, sy dit steenkool, diamante of goud, het dit steeds invloed op die Britse houding teenoor Suid-Afrika uitgeoefen. In 1842 het die Britte met wapengeweld 'n einde aan die eerste poging van die republikeinse Afrikaners gemaak om 'n onafhanklike staat te stig. Byna al die Afrikaners het daarop weer na die binneland getrek, omdat hulle nie kans gesien het om hulle aan die Britse gesag te onderwerp nie.

Die Britte was vasbeslote om die Afrikaners hier ook te agtervolg. Op 3 Februarie 1848 het die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier tot Britse gebied verklaar. Diegene wat ten noorde van die Vaalrivier gevestig was, is met rus gelaat, omdat die gebied daar as volkome waardeloos beskou is.

'n Gebeurtenis wat ver buite Suid-Afrika plaasgevind het, het in hierdie kritieke stadium die lotgevalle van die Afrikanervolk diep beïnvloed, omdat dit die Britse regering gedwing het om sy beleid sowel in Europa as daarbuite grondig te wysig. Dit was die bewindsaanvaarding van prins Lodewyk Napoleon in 1848 in Frankryk — eers as president en in 1852 as keiser. Die groot vraag wat die Britse staatsmanne enige jare lank besig gehou het, was of hy ook die weg van sy beroemde oom sou opgaan, d.w.s. om na die oorheersing van die Europese vasteland te streef. Hierdie vrees het Brittanje weer vir die eerste maal in dertig jaar gedwing om vrywel al sy aandag aan Europa te wy. Die uitwerking daarvan op die lotgevalle van die klein Afrikaanse volk was besonder groot. Dit blyk duidelik uit 'n mededeling wat die Britse regering op 2 Februarie 1852 aan die Kaapse goewerneur, sir George Cathcart, gestuur het. Daarin is verklaar: "You are aware that, beyond the very limited extent of the Cape of Good Hope as a naval station, the British Crown and nation have no interest whatever in maintaining any territorial dominion in Southern Africa ....." [49] Dit het dus beteken dat daar na geen verdere uitbreiding van die Britse gesag in Suid-Afrika gestreef moes word nie.

Die opskorting van hierdie strewe wat deur die Europese politieke verhoudinge veroorsaak is, het tot gevolg gehad dat Brittanje bereid was om die onafhanklikheid van die republikeinse Afrikaners te erken. Op 17 Januarie is die Konvensie van Sandrivier gesluit waarvolgens die onafhanklikheid van die Afrikaners ten noorde van Vaalrivier erken is. Hulle sou die Suid-Afrikaanse Republiek vorm. Op 23 Februarie 1854 is weer deur die Konvensie van Bloemfontein die onafhanklikheid van die Afrikaners tussen die Oranje- en Vaalrivier erken. Daaruit het die republiek van die Oranje-Vrystaat ontstaan. Dat daar vandag nog 'n Afrikaanse volk bestaan, moet in die eerste en laaste plaas daaraan toegeskryf word dat in die tweede helfte van die negentiende eeu die republikeinse beginsel hier deeglik wortel kon skiet.

48. C.J. Uys: In the Era of Shepstone (Lovedale, 1933), pp.8—9.
49. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke .... II, p.498.

Nog voor die aanbreek van die jaar 1860 het die Britse staatsmanne spyt gekry dat hulle ooit tot die erkenning van die onafhanklikheid van die republikeinse Afrikaners oorgegaan het. Die Britte het tot die oortuiging gekom dat hulle van Napoleon III niks te vrees het nie. Hulle kon derhalwe andermaal hul aandag van Europa afwend en dit aan die ontwikkeling van hul koloniale ryk wy. Die strewe na uitbreiding van die Britse gesag kon derhalwe hervat word.

Die Transvaal en die Vrystaat sou hierdie wending in die Britse beleid onmiddellik aan die lyf ervaar. So het die Hertog van Newcastle, die minister van kolonies, op 22 April 1861 geskryf: "A few years ago we withdrew from Territory we had acquired. It was done under my advice, but I cannot be blind to the fact that there has ever since been a tendency to reverse that policy and I am far from sure that the arrangement made in 1854 will eventually be maintained."[50] Die beleid wat so tot die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 teenoor die twee Afrikaanse republieke gevolg is, het as beginsel gehad "British paramountcy (supremacy)" in Suid-Afrika. Reeds in 1861 het sir Philip Wodehouse, die Kaapse goewerneur, geskryf: "It is beyond question that we are the paramount power in this part of the world ..... I cannot under such circumstances see any impropriety in our setting forth without reserve the view which we take of these marauding transactions (die botsings tussen die Republieke en die naturellestamme), or of claiming for ourselves in the plainest terms the right of adopting for our protection any measures which the misconduct of our neighbours may force upon us."[51]

Die strewe na die Britse opperheerskappy in Suid-Afrika sou aanvanklik uit twee elemente bestaan. Die eerste was om te verhinder dat die twee Republieke daarin sou slaag om hul gesag tot aan die see uit te strek of om ander gebiede in die binneland van Suid-Afrika in besit te neem. Hier was die oogmerk heel duidelik die beskerming van die politieke en strategiese belange van Brittanje. Die tweede was om die Republieke klein en swak te hou, sowel politiek as ekonomies. Dit sal nodig wees om kortliks op hierdie twee fasette van die "British supremacy" in te gaan. Hulle kan moeilik van mekaar geskei word en word daarom saam bespreek soos sowel Konserwatiewe as Liberale regerings van Brittanje hulle toegepas het. As hul verteenwoordigers in Suid-Afrika het hierdie regerings die goewerneurs van die Kaapkolonie gehad. Vir politieke sake buite die Kaapkolonie sou hulle in die hoedanigheid van hoë kommissaris optree.

Die eerste hoë kommissaris wat hom ten doel gestel het om die posisie van die Republieke te bemoeilik, was sir George Grey wat in 1854 in Suid-Afrika aangekom het. Daar was onder die republikeinse Afrikaners 'n gevoel van eenheid en daarom het hulle na die vereniging van Transvaal en die Vrystaat begin streef. Daarteen het Grey hom skrap gesit, want hy het op sy beurt na die federasie of vereniging van die hele Suid-Afrika onder die Britse vlag gestreef. Hoewel daar vir sy standpunt volgens die beginsels van die volkereg geen regverdiging bestaan het nie, het Grey nogtans op 3 Junie 1858 geskryf dat vereniging van die Republieke sou beteken dat "the stipulations of the conventions will be no longer binding on the British Government

50. C.W. de Kiewiet: British Colonial Policy and the South African Republics 1848—1872 (Londen, 1929), p.146.
51. *Ibid.*, p.161.

....." [52] Die twee republikeinse regerings was verplig om die gedagte aan vereniging te laat vaar. Grey het so daarin geslaag om die twee Republieke klein en swak te hou. Dat die republikeinse Afrikaners hulle vir die res van die negentiende eeu nooit in een staat kon verenig nie, het die Britse regerings beter in staat gestel om die oorheersende faktor te bly.

Die beleid van Grey is voortgesit deur Wodehouse wat van 1861 tot 1870 die Britse belange in Suid-Afrika behartig het. Die omstandighede het hom in staat gestel om meermale die posisie van die Republieke te bemoeilik. Omdat die Vrystaat die naaste aan die Kaapkolonie geleë was, was dit in die eerste plaas hierdie republiek wat telkemale die vyandskap van Wodehouse moes verduur. Onderwyl daar in 1865—66 oorlog tussen die Vrystaat en die sterk Basoetostam geheers het, het Wodehouse op 15 April 1866 by die Britse regering op die anneksasie van Port St. Johns aangedring, omdat hy gevrees het dat die Vrystaat sy gesag na die see sou uitbrei. Die beweegrede van Wodehouse is interessant. In sy brief het hy geskryf: "It is most necessary both politically and for the protection of the Revenues of the Cape and Natal that we should get this place". [53] Hier kry 'n mens 'n eerste voorbeeld van die strewe om die Republieke ekonomies swak en weerloos te hou, sodat hulle van die twee Britse kolonies afhanklik sou wees. Om dieselfde rede het Wodehouse op die herhaalde vertoë geweier om aan die Vrystaat sy regmatige aandeel in die invoerregte wat by die Kaapse hawens gehef is op goedere wat vir hom bestem was, te laat kry. [54] Wodehouse sou op 12 Maart 1868 daartoe oorgaan om Basoetoland, wat vir die Vrystaat so 'n ernstige bedreiging was, onder Britse beskerming te plaas. [55] Wodehouse sou nog in dieselfde jaar ook die Transvaal bykom. Toe pres. M.W. Pretorius in 1868 die grense van die Transvaal geproklameer het as strekkende van die monding van die Mapoetarivier in Delagoabaai, d.w.s. by die see, tot die Ngamimeer in die noorde, d.w.s. diep in die binneland van Suider-Afrika, het Wodehouse onmiddellik heftig daarop gereageer. Die gevolg was dat Pretorius moes inbind. [56]

Die druk wat so op die twee Republieke uitgeoefen is, is verhewig met die koms van sir Henry Barkly in 1871. Sy eerste daad was om nog dieselfde jaar eenvoudig die diamantvelde van die Vrystaat te annekseer. Wat sy werklike rede vir die stap was, het Barkly in 'n brief van 30 Augustus uiteengesit. Hy was ook soos Grey en Wodehouse 'n voorstander van 'n federasie in Suid-Afrika. Barkly het geskryf dat daar in die Vrystaat weinig entoesiasme vir so iets bestaan, omdat dit ekonomies goed met die Vrystaat gaan. Hy het verklaar dat baie mense na die diamantvelde gaan. Sou die Vrystaat nou toegelaat word "to absorb the best portion of the Diamond fields, as seems but too probable, it will soon rival the Eastern or Western Province in wealth and population, and that it will not be then content to play a secondary part, or go on 'paying Customs' at the Cape Ports ..... without attempting retaliation". [57]

Ook hier was die motief dus dat die Vrystaat ekonomies swak gehou

52. C.W. de Kiewiet: British Colonial Policy and the South African Republics 1848—1872 (Londen, 1929), pp.197—198.
53. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke ..... II (in manuskripvorm).
54. *Ibid.*
55. *Ibid.*; G.D. Scholtz: President Johannes Henricus Brand (Johannesburg, 1955) pp.73—84.
56. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke ..... II (in manuskripvorm).
57. G.D. Scholtz: President ..... Brand (Johannesburg, 1955), p.129.

moes word, sodat dit nie politiek sterk teen die twee Britse kolonies kon optree nie. Barkly sou in sy verdere optrede nie skroom om die Vrystaat meermale op diep vernederende wyse te behandel nie. Barkly sou ook die Transvaal nie ongemoeid laat nie. Voordat hy in 1877 uit Suid-Afrika weg is, is die voorbereidende stappe gedoen om Transvaal deur sir Theophilus Shepstone te laat annekseer. Hierdie anneksasie was een van die eerste uitings van die opkomende Britse imperialisme. Die doel met die anneksasie was om te dien as die eerste stap ten einde die hele Suid-Afrika onder die Britse gesag te plaas.[58]

Met hierdie strewe sou egter voorlopige nie sukses behaal word nie en wel weens twee redes. Die eerste was dat die anneksasie van Transvaal as prikkel gedien het om die Afrikaners nasionaalbewus te maak. In die geskiedenis van die Afrikaanse volk sal die ontwaking van 'n eie nasionalisme ongetwyfeld steeds een van die belangrikste gebeurtenisse bly. Die nasionalisme het gedien om die geestelike eenheid van die Afrikaners te versterk ten spyte van die feit dat soveel van hulle nog in die Britse kolonies gewoon het. Aan die einde van 1880 het die Transvalers na die wapen gegryp om hul verlore republikeinse onafhanklikheid terug te win. Dit het gelei tot die glorieryke oorwinnings van Bronkhorstspruit, Laingsnek, Ingogo en Majoeba. Die tweede rede was dat die Liberale regering wat in 1880 onder leiding van W.E. Gladstone in Brittanje aan die bewind gekom het, bereid was om die Transvaalse onafhanklikheid gedeeltelik te herstel. Dit is deur die Konvensie van Pretoria op 3 Augustus 1881 gedoen. Deur die Konvensie van Londen van 27 Februarie 1884 is nog meer vryheid aan Transvaal deur dieselfde regering van Gladstone verleen. Twee belangrike bepalings sou die vryheid van Transvaal in aansienlike mate aan bande lê. Die grense van Transvaal kon behalwe in die noorde, nie sonder die toestemming van Brittanje verander word nie. Verdrae wat Transvaal met ander moondhede gesluit het, moes die goedkeuring van die Britse regering geniet.

Die Konvensie van Londen het juis op die moment tot stand gekom toe die Europese moondhede by wie die gees van die imperialisme vaardig geword het, begin het met "the scramble for Africa". Sowel die Liberale regering van Gladstone as die Konserwatiewe regering van lord Salisbury, wat in 1885 aan die bewind gekom het, was vasbeslote dat, nadat die Duitsers hulle in 1884 aan die kus van Suidwes-Afrika genestel het, die res van Suider-Afrika onder die Britse vlag geplaas sou word. So is begin wat dr. Leyds so juis bestempel het as "het insluiten der Boeren-republieken".[59] In die kort tydsbestek van ses jaar is die Britse gesag van Vaalrivier in 1884 tot aan die Zambezi in 1890 uitgebrei. En daarna is die proses tot naby die oorsprong van die Kongo voortgesit. Verdere uitbreiding van die Afrikaanse republieke het daardeur heeltemal onmoontlik geword. Die lotgevalle van die Afrikaanse volk word tot vandag toe nog deur hierdie gebeurtenisse van die tagtiger- en negentigerjare van die negentiende eeu beïnvloed.

Hierdie groot terugslag in die lewe van die klein Afrikaanse volk het saamgeval met 'n ander gebeurtenis wat, soos spoedig geblyk het, Brittanje des te beter in staat sou stel om die onafhanklikheid van die twee Afrikaanse

58. Vgl. hieroor W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal (Amsterdam, 1906); S.P. Engelbrecht: President Thomas Francois Burgers (Pretoria, 1933); C.W. de Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa (Cambridge, 1937); G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke ..... III.

59. W.J. Leyds: Het Insluiten der Boeren-republieken I en II (Amsterdam, 1914).

republieke te bedreig. Hierdie gebeurtenis was die ontdekking in 1886 van die goud aan die Witwatersrand in Transvaal. Daarmee is 'n nuwe stadium in die verhouding tussen Brittanje en die twee Republieke binnegegaan.

## II

## 'n OORLOG WORD ONVERMYDELIK

### 4

### *n Verhewigde Kultuurbotsing*

Daar is in die eerste afdeling op gewys dat die koms van die Britte na Suid-Afrika in 1806 'n kultuurbotsing veroorsaak het. Hierdie botsing sou ook deur die politieke omstandighede beïnvloed word. Hierdie omstandighede het daarin bestaan dat die grootste deel van die Afrikaners gedurende die negentiende eeu aan die Britse gesag onderworpe was. Op papier het hierdie Afrikaners in die Kaapkolonie dieselfde regte as die Engelssprekendes geniet, maar in die praktyk was dit nie die geval nie. Die Nederlandse taal is nooit op gelyke voet met Engels in die skole, die howe, die staatskantore of in die openbare lewe gestel nie. Hoe meer die Afrikaners nasionaalbewus geword het, hoe meer hierdie ongelyke behandeling hulle teen die bors gestuit het. Hulle het hul daarom deur middel van die politieke organisasie wat hulle gestig het, begin beywer om volkome gelyke regte met die Engelssprekendes te verkry. Wat hier onmiddellik beklemtoon moet word, is dat hulle in hierdie opsig die suiwer konstitusionele weg gevolg het. Haas geen Kaapse of Natalse Afrikaner het daaraan gedink om die Britse gesag aan te tas nie.

Die Afrikaners wat die twee Republieke gestig het of wat hulle later daar gaan vestig het, het, wat die politiek en die kultuur betref, eenvoudig teruggegryp na die omstandighede wat tydens die Nederlandse bewind aan die Kaap geheers het. Hulle wou nie net politiek onafhanklik van die Britse gesag wees nie, maar hulle wou ook hul Afrikaanse identiteit handhaaf. En daarom het sowel die Vrystaat as Transvaal van Nederlands die enigste offisiële taal gemaak. Dit sou die taal van die regering, die howe, die staatskantore en die skole wees. In die twee Republieke kon die Afrikaners inderdaad op alle terreine van die lewe 'n bestaan voer wat nie die stempel van "Made in England" gedra het nie.

Die Afrikaners kon so hul identiteit handhaaf en uitbou omdat aanvanklik min Engelssprekendes hulle in een van die Republieke gaan vestig het. Sowel in Transvaal as in die Vrystaat sou die Britse element klein bly. In die twee Republieke was die posisie van die Engelssprekendes presies dieselfde as dié van die Afrikaners in die twee Britse kolonies. Die enigste verskil was dat in die twee Republieke die Engelssprekendes 'n kleine minderheid was, terwyl in die Kaapkolonie die Afrikaners 'n meerderheid was.

Die ontdekking van die Witwatersrandse goudveld in 1886 het in die politieke en kulturele posisie van Transvaal 'n plotselinge verandering gebring. Vanuit haas alle oorde van die wêreld het duisende mense hulle gehaas om te kom deel in die nuwe rykdomme. Hulle sou bloot met materiële

oogmerke hierheen kom. Vir hul nuwe land van inwoning het hulle as sodanig niks gevoel nie. Die oorgrote meerderheid van hierdie fortuinsoekers het van Brittanje of van die een of ander Britse besitting gekom. Hulle het gekom in 'n tydperk toe die imperialistiese gedagte in die Angel-Saksiese wêreld hoogty gevier het. Haas elke Brit het homself gesien in die rol van 'n "empire builder". Net so was hulle ook vervul van die gedagte dat die lewe "a struggle for existence" was en dat dit om "the survival of the fittest" gegaan het.

In Transvaal het hierdie uitlanders, soos hulle genoem is, te staan gekom teenoor 'n klein volk van veeboere wat 'n taamlik geïsoleerde bestaan gevoer het. Die groot verlange of strewe van hierdie republikeinse Afrikaners was om volkome met rus gelaat te word, sodat hulle hul eie heil kon uitwerk. Hulle het 'n eenvoudige maar tog doeltreffende staatstruktuur geskep wat volledig aan hul behoeftes voldoen het. Nogtans het die Transvaalse bestuur heelwat soepelheid geopenbaar om by veranderde omstandighede aan te pas. So is bv. die Transvaalse goudwet as die beste in die wêreld geroem. Ten opsigte van een besondere saak was die Transvalers egter die onbuigsaamheid self. Dit was dat hulle die bestuur van hul republiek in eie hande wou hou. Hulle het gevrees dat, indien die duisende vreemdelinge van die Witwatersrand die stemreg sou verkry, dit met die onafhanklikheid van Transvaal afgelope sou wees. Dit was met die oog hierop dat in 1890 deur wetgewing bepaal is dat die stemreg slegs na 'n verblyf van veertien jaar verkry kon word.

Die ontdekking van die goudveld het nou tot gevolg gehad dat die Transvalers in hul strewe om hul onafhanklikheid te handhaaf nie net meer met die Britse regering te doen gekry het nie. Die Transvalers sou na 1886 'n stryd op drie fronte moes voer — drie fronte wat in verbinding met mekaar gestaan het.

Die eerste front was teen die uitlanders van die Witwatersrand. Die Britse meerderheid onder die uitlanders het met groot minagting op die Transvalers neergesien en het ook elke geleentheid aangegryp om dit te openbaar. Toe pres. Kruger in Maart 1890 'n besoek aan Johannesburg gebring het, het 'n oproerige gepeupel groot onaangenaamheid veroorsaak.[60] Tiperend vir die houding van die uitlanders was wat 'n Britse geestelike van die kansel verklaar het: "We have come to this land as Englishmen and Englishmen we intend to remain. We have no thought of adopting any language, customs or religion but our own."[61]

Hierdie uitlanders wat so van haat teenoor die Afrikaners vervul was, het spoedig daartoe oorgegaan om die stemreg te eis. In 1892 het hulle daartoe oorgegaan om 'n politieke vereniging *The Transvaal National Union*. te stig ten einde klem by hul eise te stel.[62] So is spoedig 'n skakel gelê tussen die gewone uitlander en die tweede groep Britte waarmee die Transvalers te doen sou kry. Dit was die kapitaliste wat aanvanklik 'n eie front gevorm het.

Soos algemeen bekend behoort te wees, het die kapitalisme as politieke faktor in Suid-Afrika sy intrede gedoen met die amalgamasie van die Kimberleyse diamantmyne deur Cecil Rhodes in 1889. Rhodes dien tot vandag toe as die beste voorbeeld van die kapitalis wat ook imperialis was.

60. G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog I (Johannesburg, 1948), p.271.
61. *Ibid.*, p.268.
62. *Ibid.*, p.276.

Saam met soveel van die leidende Britse politici was hy 'n aanhanger van die ewolusieleer van Darwin. As sodanig was hy vas oortuig van die uitverkorenheid van die Angel-Saksiese ras wat na sy oortuiging voortbestem was om die leiding in die wêreld te neem. Hy het reeds vroeg in sy lewe besluit om hom ook aan die bevordering van die Britse politieke belange te wy. Vir hom het dit vasgestaan dat dit deur middel van geld of kapitaal gedoen moes word. Daarom het hy daarna gestreef om miljoenêr te word.[63] Rondom hom het hy 'n aantal manne vergader wat met dieselfde kapitalistiese en imperialistiese oogmerke besiel was. Rhodes was dan ook die groot stukrag in Suid-Afrika om die gebiede ten weste en ten noorde van die Transvaal onder die Britse gesag geplaas te kry. Rhodes was veral bedug oor die Duitse vestiging aan die suidwestelike kus van Suider-Afrika. Hy wou verhinder dat 'n ooswaartse uitbreiding van die Duitsers en 'n weswaartse uitbreiding van die Transvalers die noordwaartse uitbreiding van die Britte kon verhinder.

Die krag wat die paar Kimberleyse diamantmyne aan die kapitalisme in Suid-Afrika verleen het, is eintlik verhonderdvoudig as gevolg van die ontdekking van die Witwatersrandse goudveld. Vrywel al die manne wat reeds hul fortuin in Kimberley gemaak het, Lionel Phillips, Barney Barnato, Otto Beit, Hermann Eckstein e.a., het hulle vir 'n korter of langer tyd in Johannesburg gaan vestig. Het hulle in Kimberley duisende ponde wins gemaak, in Johannesburg het hulle spoedig miljoene ponde wins gemaak. Rhodes, wat in 1890 ook eerste minister van die Kaapkolonie geword het, kon in sy imperialistiese drome selfs groter visioene sien. Die vernaamste van hierdie drome was om 'n einde te maak aan die bestaan van Transvaal as onafhanklike republiek. So het begin wat genoem kan word die kapitalistiese aanslag op die Transvaal.

## 5.

## *Die Kapitalistiese Aanslag*

Rhodes het vir die bereiking van sy nuwe oogmerk verskillende skakelings aangegaan. 'n Eerste skakel is tussen hom en die kapitaliste van Johannesburg geskep.

Aanvanklik was die verhouding tussen die Transvaalse regering en die kapitaliste van vriendskaplike aard. So het Lionel Phillips met die jaarvergadering van die Kamer van Mynwese in 1893 verwys na die "friendly disposition" van die regering teenoor die Kamer.[64]

Een saak sou verwydering tussen die Transvaalse regering en die kapitaliste bring. Dit was die dinamietmonopolie. Die Transvaalse regering wou met die oog op die handhawing van die onafhanklikheid van die Republiek 'n eie wapen- en ammunisie-industrie skep. Die kern daarvan moes wees die fabriek wat vir die vervaardiging van dinamiet vir die goudmyne opgerig was.[65] Aan hierdie fabriek is 'n monopolie toegeken. Aangesien dinamiet uit die buiteland goedkoper ingevoer kon word, was die goudmynbase ernstig gegrief oor die vermeerdering van hul beldryfkoste. Die gevolg was toenadering tussen die kapitaliste en die leiers van die *Transvaal National Union*.

63. Basil Williams: Cecil Rhodes (Londen, 1938), hoofstuk VI.
64. G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog I (Johannesburg, 1948), p.280.
65. Ibid., p.173.

So kon daar 'n skakel geskep word tussen die kapitaliste en die manne wat die uitlanders tot politieke aksie wou beweeg. Dit sou Rhodes in sy plan om die Transvaalse onafhanklikheid te vernietig goed te stade kom. Dit het op die duur by Rhodes die plan laat ryp om die uitlanders van Johannesburg te gebruik vir 'n opstand teen die Transvaalse regering en om dan militêr in te gryp. Hiervoor het hy sekere mate van hulp en bystand van die Britse regering nodig gehad. Dit is vandag 'n alombekende feit dat Rhodes in die opstelling van sy plan geskakel het met die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, sir Hercules Robinson, en die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain.[66] Chamberlain was bereid dat die kapitaliste die onafhanklikheid van Transvaal vernietig solank hierdie staat deel van die Britse Ryk sou word.

Weer het die Duitse faktor 'n rol in die oorwegings van Rhodes gespeel. Duitse kapitaal was hoofsaaklik verantwoordelik vir die bou van die spoorweg tussen Delagoabaai en Pretoria.[67] Daarom het Rhodes reeds vroeg in die negentigerjare pogings aangewend om in besit van Delagoabaai te kom, maar hy kon geen sukses behaal nie.[68] Daarteenoor het Transvaal met Duitse aanmoediging ook geprobeer om sekere regte in Delagoabaai te verwerf. Daarvan het ook niks tereggekom nie.[69]

Die saak was vir Transvaal des te teleurstellender, omdat in hierdie selfde tydperk 'n strewe om die see te bereik deur na Kosibaai deur te dring deur die Britse regering verydel is met die anneksasie van hierdie gebied.[70] Transvaal was nou vir goed van die see afgesny. Ook ten opsigte van hierdie saak het die Duitse faktor 'n rol in die oorwegings van die Britse regering gespeel.[71]

In 1895 was Transvaal nou volledig ingesluit. En nadat die nodige skakelings tussen Johannesburg, Kaapstad en Londen gelê was, het Rhodes hom gereed begin maak om die Transvaalse onafhanklikheid deur middel van 'n interne opstand en 'n eksterne militêre intervensie te vernietig. Die opstand in Johannesburg sou gelei word deur kapitaliste soos Phillips, Farrar, Fitzpatrick e.a., terwyl dr. L.S. Jameson met 'n gewapende mag Transvaal sou binneval met die doel om Johannesburg te bereik. Dan, so is gehoop, sou die Transvaalse republiek ineenstort en kon dit by die Britse Ryk ingelyf word.

Dit is voldoende om te konstateer dat die onderneming 'n kolossale mislukking was. Op 2 Januarie 1896 moes Jameson by Doringkop naby Roodepoort kapituleer, omdat hy van alle kante deur die Transvaalse kommando's omring was. Die aanslag op die republikeinse onafhanklikheid is dus na 'n stryd van sowat vier dae afgeweer.

Voortaan sou die kapitaliste op die agtergrond tree, hoewel hul persorgane met verdubbelde ywer voortgegaan het om die gemoedere van die Johannesburgse uitlanders teen die Transvaalse bewindhebbers op te sweep.

Hoe meer 'n man soos Chamberlain onder die indruk gekom het van die feit dat Brittanje, om die redes wat reeds in die vorige hoofstuk genoem is,

66. Jean van der Poel: The Jameson Raid (Kaapstad, 1951); J.S. Marais: The Fall of Kruger's Republic (Oxford, 1961), hoofstuk IV.
67. P.J. van Winter: Onder Krugers Hollanders (Amsterdam, 1937).
68. G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog II, pp.191—93.
69. *Ibid.*, pp.193—206.
70. G.D. Scholtz: Die Oorsake ..... I, hoofstuk IV.
71. *Ibid.*, p.235.

deur ander moondhede ekonomies oorskadu word, hoe vasbeslotener het hy ook geword dat die hele Suid-Afrika onder die Britse gesag moes kom. Dit was met die oog hierop dat hy in Mei 1897 sir Alfred Milner as goewerneur van die Kaapkolonie en as hoë kommissaris in Suid-Afrika benoem het. Daarmee het die direkte Britse aanslag op die Transvaalse onafhanklikheid begin.

## 6.

### *Die Imperialistiese Aanslag*

As tipiese verteenwoordiger van die Britse imperialisme was Milner ongetwyfeld diep onder die indruk van die groot strategiese waarde wat die suidpunt van Afrika vir sy land gehad het, want slegs tien jaar tevore, in 1887, het 'n kommissie van deskundiges geskryf: "The Cape route is not only of importance in connection with the commerce of Great Britain, but assumes a far higher degree of importance to the Empire at large, as being essential to the retention by Great Britain of her possessions in India, Mauritius, Ceylon, Singapore, China and even Australia. It is by this route alone that reinforcements of troops, and all that is necessary for their support, could ..... be sent from the United Kingdom with any degree of certainty or security ..... The uninterrupted supply of men and material to meet the ordinary demands of our Eastern garrisons and squadrons is of such importance that the integrity of this route must be maintained at all hazards and irrespective of cost." [72]

'n Britse blad, die bekende *London Times*, het kort voor die uitbreek van die oorlog in 1899 die betekenis van Suid-Afrika vir Brittanje as volg opgesom: "The importance of that part of the world has always been very great, and it has largely increased both from the political, the military and economic standpoint within the last few years. The intervention of other European Powers in the Far East, the division of Africa and the reconquest of the Sudan, the expansion of the British possessions from the Cape to the north, the growth of the gold industry in Rhodesia and the rapid development of the natural resources of the entire region have added to our stake in South Africa and must add to it in the years to come." [73]

Derglike uitlatings oor die waarde en betekenis van Suid-Afrika toon duidelik aan dat, wou Brittanje sy posisie as grootmoondheid in die wêreld handhaaf, die besit van hierdie gebied vir hom onontbeerlik geword het. Dit was daarom dat die Britse bewindhebbers ook met stygende mate van bekommernis aanskou het dat daar tussen Duitsland en Transvaal steeds sterker wordende politieke en ekonomiese bande begin ontstaan het. Dit sou 'n hoogtepunt bereik na die mislukking van die Jamesoninval toe keiser Wilhelm II aan pres. Kruger 'n telegram van gelukwensing gestuur het.[74] Vir die eerste maal het 'n verbaasde wêreld die moontlikheid van 'n oorlog tussen Brittanje en Duitsland onder die oë gesien. Die Britte het daarom begin vrees dat die Duitsers hul posisie in Suid-Afrika kon ondermyn deur met Transvaal saam te span. So het die Britse bewindhebbers gemeen dat,

72. G.D. Scholtz: Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek (Johannesburg, 1954), p.116.
73. The London Times, 27.4.99.
74. G.D. Scholtz: Die Oorsake ..... I, pp.380—81.

indien hulle die onafhanklikheid van Transvaal sou vernietig en daardeur die hele Suid-Afrika onder hul gesag plaas, dit voordelig sou wees om die Duitse faktor eers uitgeskakel te kry.

As troefkaart kon die Britte gebruik maak van die feit dat hulle die see beheers het en van die feit dat die Duitsers in daardie stadium oor haas geen oorlogsvloot beskik het nie. Twee maal, in 1896 onmiddellik na die Jamesoninval en in 1897 toe Brittanje dit met Transvaal oor allerlei sake aan die stok gehad het, is Britse vlooteskaders na die Suid-Afrikaanse waters gestuur. Op die Duitse bewindhebbers het dit 'n diepe indruk gemaak deur hulle te laat besef dat hulle magteloos teen die optrede van die Britte in Suid-Afrika gestaan het. Die Duitsers is deur die omstandighede gedwing om hulle aan Suid-Afrika te onttrek, maar hulle wou ten minste vergoeding daarvoor kry. Op 30 Augustus 1898 is 'n geheime verdrag tussen Brittanje en Duitsland onderteken waarvolgens hulle ooreengekom het hoe hulle, in geval Portugal in geldnood sou verkeer, hom sou help op voorwaarde dat sy kolonies aan hulle oorgedra sou word.[75]

Die Britte was reeds vasbeslote om die onafhanklikheid van Transvaal te vernietig. Hulle het besef dat met die ontdekking van goud die ekonomiese swaartepunt vir goed ten gunste van die Transvaal geswaai het en dat ten gevolge daarvan die ou beleid om die Republieke arm te hou, nie meer toegepas kon word nie. Dit blyk duidelik uit 'n memorandum wat lord Selborne, die onder-minister van kolonies, in 1896 opgestel het. Daaruit spreek dieselfde gees teenoor Transvaal as wat Barkly in 1871 teenoor die Vrystaat na die ontdekking van die diamantvelde geopenbaar het. Selborne het geskryf dat "the key to the future of South Africa is the Transvaal. It is the richest spot on earth. The only properly speaking populous spots in South Africa are already within it ..... My postulate therefore is that the Transvaal is going to be by far the richest, by far the most populous part of South Africa, that it is going to be the natural capital state and centre of South African commercial, social and political life." Selborne het die vrees uitgespreek dat "according to all experience of history, this country so powerful in its future wealth and population ..... situated at the geographical centre of political South Africa would assuredly attract to itself all British Colonies in South Africa."[76] Dit sou Brittanje vanselfsprekend nie duld nie.

Milner het op 5 Mei 1897 in Suid-Afrika aangekom onder die indruk dat dit "the weakest link in the Imperial chain" is.[77] Hy wou magspolitiek teen Transvaal kom voer en het daarom onmiddellik op die versterking van die Britse troepemagte in Suid-Afrika aangedring.[78]

Milner sou op meer as een manier probeer om die Transvaalse onafhanklikheid te vernietig. Hier hoef slegs verwys te word na die manier wat uiteindelik oorlog veroorsaak het. Dit was die aanwesigheid van soveel duisende Britse onderdane in Transvaal waar hulle nie die stemreg besit het nie. Reeds op 23 Februarie 1898 het Milner aan Chamberlain geskryf: "There is no way out of the political troubles of S.Africa except reform in the Transvaal or war."[79] Op 3 Maart het hy in Graaff-Reinet 'n toespraak gehou

75. G.D. Scholtz: Die Oorsake ... II, hoofstuk III.
76. Ronald Robinson en John Gallagher: Africa and the Victorians (Londen, 1972), pp.484/86
77. C. Headlam (ed.): The Milner Papers I: South Africa 1897—1899 (Londen, 1931), pp.267—68.
78. *Ibid.*, p.41.
79. G.D. Scholtz: Die Oorsake ..... II, p.243.

waarin hy 'n felle aanval op die Transvaalse regering gedoen het oor sy "unprogressiveness".[80]

Na die oordeel van die Britse regering was Milner veels te haastig. Chamberlain moes maan: "We have on hand difficulties of the most serious character with France, Russia and Germany." Daarom kon daar nie aan oorlog in Suid-Afrika gedink word nie.[81]

'n Jaar later was die internasionale posisie van Brittanje egter veel beter. Vir Milner het die omstandighede in Suid-Afrika ook gunstiger geword om sy einddoel te probeer bereik. Hernieude agitasie onder die uitlanders van die Witwatersrand het vroeg in 1899 daartoe gelei dat hulle hul deur middel van 'n versoekskrif tot die Britse koning gewend het. Hulle het daarin verklaar dat hul posisie in Transvaal "has indeed become wellnigh intolerable".[82] Dit is vandag reeds lankal bekend dat die bewerings in die versoekskrif nie die waarheid bevat het nie.[83]

Die versoekskrif van die uitlanders is deur Milner op 4 Mei in 'n mededeling aan die Britse regering gesteun. Hy het die beleid van die Transvaalse regering op felle wyse veroordeel. Die bedoeling daarmee was om die gevoelens van die Britse publiek op te sweep. Dit was 'n oproep tot 'n heilige oorlog in die naam van reg en geregtigheid. Dit was 'n aandrang om die onafhanklikheid van 'n Boere-republiek te vernietig. Dit was die voorspel tot die poging om "British supremacy" vir goed in Suid-Afrika te vestig.[84]

Om 'n oorlog te probeer afwend, het pres. Steyn en ander persone 'n ontmoeting tussen Kruger en Milner op 31 Mei 1899 in Bloemfontein gereël. Hoewel Kruger bereid was om aan die uitlanders die stemreg na 'n verblyf van sewe jaar te verleen, was dit vir Milner nie voldoende nie en het die samesprekings daarom op niks uitgeloop nie. Kruger het aan die einde aan Milner gesê: "Het schijnt mij toe dat indien ik er niet toe overga om mijn land over te geven aan de vreemdelingen er niets aan die zaak te doen is."[85]

Dit sal nie nodig wees om die gebeurtenisse tussen die Bloemfonteinse konferensie en die uitbreek van die oorlog vier maande later op die voet te volg nie. Dit sal heeltemal voldoende wees om hier te konstateer dat die Transvaalse regering die een toegewing na die ander gedoen het om die vrede te bewaar. Niks kon Chamberlain en Milner egter tevrede stel nie. Hul oogmerk was heel duidelik om die Transvaalse onafhanklikheid te vernietig deur steeds nuwe en strawwer eise aan Kruger te stel. Die diplomasie wat teen die Transvaalse republiek gevolg is, is op 16 Augustus in 'n brief van Milner aan Chamberlain as volg geformuleer: "I think the result all depends on staying power. They (die Transvalers) will collapse if we won't weaken, or rather if we go on steadily turning the screw."[86]

Op 11 Oktober 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog begin.

7

*Die Ware Redes vir die Oorlog*

Dat die oorlog op die republikeinse Afrikaners afgedwing is, behoef

80. G.D. Scholtz: Die Oorsake ..... II, pp.243—46.
81. C. Headlam: The Milner Papers I ......, p.229.
82. G.D. Scholtz: Die Oorsake ..... II, pp.184—85.
83. *Ibid.*, pp.295—97.
84. *Ibid.*, p.215.
85. *Ibid.*, pp.228—35.
86. C. Headlam: The Milner Papers I ......, p.516.

waarlik geen betoog nie. Die oorlog het gekom omdat die Britte dit begeer het. Volgens die Britte het die oorlog uit 'n suiwer binnelandse aangeleentheid van Transvaal ontstaan. Dit was die weerhouding van politieke regte aan die uitlanders. Die oorlog moes derhalwe gevoer word om reg aan die uitlanders te laat geskied.

Die vraag ontstaan onmiddellik of dit die ware rede vir die oorlog was. Dit moet vir enige onpartydige navorser spoedig duidelik word dat dit nie die ware rede vir die oorlog was nie. Hierdie vraagstuk is na vore geskuif om die ware oogmerk van die Britse regering des te beter te versluier. Dit was om die bestaan van 'n onafhanklike republiek te vernietig. Dit was die doel waarom 'n oorlog op Suid-Afrikaanse bodem ontketen is.

Dit bring 'n mens voor 'n verdere vraag te staan. Om welke rede wou Brittanje die onafhanklikheid van Transvaal vernietig? Die beantwoording van hierdie vraag voer 'n mens onmiddellik na 'n veel groter sfeer as bloot die uitlandervraagstuk of iets wat op Suid-Afrikaanse bodem plaasgevind het. Om die ware rede vir die uitbreek van die oorlog te vind, moet daar inderdaad ver buite Suid-Afrika getree word.

Die oorlog wat Brittanje teen twee klein en swak Afrikaanse republieke gevoer het, moet gesien word in die tyd en omstandighede waarin dit plaasgevind het. Dit het plaasgevind in die tydperk toe die Westerse kultuur en beskawing politiek, ekonomies en tegnies 'n hoogtepunt bereik het. Dit was die tydperk van die imperialisme toe hul militêre, ekonomiese en tegniese oorwig die Westerse moondhede in staat gestel het om die grootste deel van die wêreld aan hul gesag te onderwerp. Daar het tussen hulle 'n wedloop ontstaan om materieel die sterkste te word. En omdat hulle in hul eie bodems nie voldoende ekonomiese hulpbronne of grondstowwe besit het nie, het veral die Wes-Europese moondhede hulle genoodsaak gevoel om groot koloniale ryke te skep. Brittanje, Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland, België en Portugal het almal daarna gestreef om hul vlag oor dele van die aardbol te hys en daar hul behoeftes aan allerlei grondstowwe te dek. So het die imperialisme tot 'n verskerpte handelsmededinging tussen die moondhede gelei. Daaruit het voortdurend wrywing en botsing tussen hulle ontstaan.

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk op gewys dat die imperialisme nie net 'n drang na die bevrediging van allerlei materiële behoeftes was nie. Die imperialisme het ook 'n geestelike agtergrond gehad wat deur die ewolusieleer van Charles Darwin aan hom besorg is. Die volke het hul politiek al hoe meer gebaseer op die beginsel van "the struggle for existence" en "the survival of the fittest". Mag was reg. Die reg het aan die sterkste behoort en dié wat swak was, moes verdwyn. Wie hom nie aan die reg van die sterkste wou onderwerp nie, is op meedoënlose wyse platgeslaan. Sonder hierdie geestelike agtergrond kan die imperialisme eenvoudig nie begryp word nie.

Daar is ook reeds in 'n vorige hoofstuk op gewys dat, omdat die besit van Indië hom die geleentheid geskenk het om die eerste 'n proses van industrialisasie te ondergaan, Brittanje oorspronklik 'n voorsprong geniet het. Daar is ook op gewys dat Brittanje 'n betreklike klein land is sonder groot ekonomiese hulpbronne behalwe steenkool. Bowendien is hy ten opsigte van bevolkingsterkte deur moondhede soos Amerika, Duitsland en Rusland oortref. Ook wat ekonomiese produksie betref, is Brittanje reeds voor die

einde van die negentiende eeu deur Amerika en Duitsland verbygesteek.

Dit alles, saam met sekere politieke moeilikhede waarna reeds verwys is, het aan die einde van die negentiende eeu die Britse staatsmanne tot die ontnugterende ontdekking laat kom dat hul land politiek en ekonomies al hoe meer deur groter en sterker moondhede oorskadu word. In hierdie vir hulle so pynlike ontdekking vind 'n mens die rede waarom die Britse politieke leiers op 'n oorlog in Suid-Afrika besluit het. Die uitlandervraagstuk sou hulle help om hul ware motiewe soveel moontlik bedek te hou. Die Britte sou op tweërlei manier te werk gaan om uit die posisie waarin die veranderde omstandighede hulle gedompel het, los te kom. Die een was om na binne te erken dat hul posisie verswak het en dit dan te probeer neutraliseer. Die ander was om na buite die indruk te probeer wek dat Brittanje nog net so sterk as ooit tevore was en dat niemand hom kon weerstaan nie. Dit sal nodig wees om hierdie tweeledige manier van optrede na te gaan.

Die eerste manier waarop die Britse staatsmanne te werk gegaan het om die verswakkende posisie van hul land te probeer verbeter, was om 'n alliansie of verstandhouding met 'n ander grootmoondheid aan te gaan. Daar is reeds vermeld dat in 1898 die oog van Brittanje op Duitsland geval het. Dit was op 'n tydstip toe Brittanje op 'n gespanne voet met Frankryk en Rusland verkeer het — met eersgenoemde oor moeilikhede in Afrika en met laasgenoemde oor moeilikhede in Asië. Op 13 Mei het Chamberlain in 'n toespraak verklaar: "All the powerful States of Europe have made alliances, and as long as we keep outside those alliances, and as long as we are envied by all and suspected by all — and as long as we have interests which at one time or another conflict with the interests of all — we are liable to be confronted at any moment with a combination of Great Powers. We stand alone." [87] Dit was 'n erkenning van die feit dat Brittanje nie meer alleen wêreldpolitiek kon voer nie, maar dat hy een of meer bondgenote nodig gehad het.

Die Britte het daarom in die Duitsers hul natuurlike bondgenote begin sien. Onderhandelings is daarop tussen die twee regerings aangeknoop. Dit sal voldoende wees om hier te konstateer dat daar niks van tereggekom het nie. [88] Hoe sterker Brittanje in Suid-Afrika wou optree, hoe meer hy ook sy isolasie en sy swakheid gevoel het. Daardeur het die vrees en bekommernis van die Britse bewindhebbers enorm gestyg.

Dit bring 'n mens by die tweede manier van optrede van die Britse staatsmanne. Om hul vrees en bekommernis vir die res van die wêreld te verberg, het hulle uitgesien na een of meer geleenthede om te toon dat daar aan die tande en kloue van die Britse leeu niks geskort het nie en dat hy derhalwe oor groot krag beskik het. Vrees en bekommernis aan die een kant en geloof in die krag van hul land — hierdie botsende faktore — het hulle nou van die gees van die Britse staatsmanne meester gemaak.

Die plek op die aardbol waar hulle die beste geleentheid gesien het om die Britse krag te openbaar, was Suid-Afrika. Hier moes die vernietiging van twee klein Afrikaanse republieke aan die wêreld toon hoe groot die mag van Brittanje was. Dit moes sy posisie as een van die leidende moondhede in die wêreld herbevestig. Dit was hul verdere oortuiging dat Brittanje alleen in die

87. J.L. Garvin: The Life of Joseph Chamberlain III (Londen, 1934), p.282.
88. J.S. Bartstra: Twaalf Jaren Vrije Hands-Politiek (Leiden, 1928), p.155.

besit van sy groot koloniale ryk kon bly, indien hy die status van grootmoondheid kon handhaaf. Verloor hy hierdie status, sou die ryk ook uitmekaar spat. Naas politieke het ook ekonomiese en strategiese oorwegings die beleid van die Britse staatsmanne in Suid-Afrika beïnvloed. Die goud van die Witwatersrand het van Suid-Afrika 'n ryk land gemaak. Volledige beheer oor die Suid-Afrikaanse ekonomie was daarom vir Brittanje voordelig. Strategies was Suid-Afrika vir Brittanje nog steeds van enorme betekenis soos die verslag van 1887 geopenbaar het. Vir die Britse regering wat so sterk onder die invloed van die imperialisme gestaan het, het die oorlog derhalwe nie om die uitlandervraagstuk gegaan nie. Dit kon maar aangevoer word as rede om die oorlog vir die Britse republiek te regverdig. Vir die Britse regering het dit in die eerste en laaste plaas gegaan om die behoud van die status van grootmoondheid vir Brittanje en om die handhawing van die eenheid van die Britse Ryk.

Die Britse staatsmanne het van die standpunt uitgegaan dat hulle nooit Suid-Afrika in die Ryk sou kon hou nie solank so 'n groot deel van die Afrikaners in 'n onafhanklike republiek gewoon het en daar hul nasionale aspirasies kon probeer verwesenlik. Dit sou steeds kragte ontketen wat die Britse posisie in Suid-Afrika kon aantas en miskien selfs van die hele land 'n republiek maak. Daar is reeds aangehaal wat Barkly in 1871 en Selborne in 1896 daaroor gesê het. Die twee Republieke moes swak en arm gehou word. Dat die Jamesoninval en die mislukking daarvan die vrees en bekommernis van die Britse staatsmanne nuwe voedingsbodem verskaf het, is heeltemal duidelik. Die bewapening wat Transvaal begin het om 'n herhaling van die gebeurde teen te gaan, is deur die Britte verkeerdelik vertolk as 'n plan om die hele Suid-Afrika onder die republikeinse bewind te stel. Hulle het Suid-Afrika daarom begin sien as die swak skakel in die Britse Ryk. En dit kon die hele Ryk in gevaar stel. Daarom moes daar desnoods met militêre geweld opgetree word om die bron van die Afrikaanse nasionale strewe, die Republieke, te vernietig. Dan sou ook Suid-Afrika 'n sterk skakel in die Britse Ryk wees. Dat dit die heersende opvatting onder die Britse bewindhebbers was, blyk duidelik uit hul talryke uitlatings oor die posisie in Suid-Afrika. 'n Aantal voorbeelde sal daarom van pas wees.

Chamberlain het op 'n afskeidsdinee ter ere van Milner op 27 Maart 1897 verwys na "eminent persons in South Africa who have aspirations for an independent federation of States, in which Dutch influence would be predominant, and which would look for sympathy and support rather to the Continent of Europe than to this country (Brittanje). If such an aspiration exists, in my opinion it is incompatible with the highest British interests ....."[89]

Selfs nog voordat hy in Suid-Afrika aangekom het, het Milner op 20 April 1897 geskryf dat hy vrede begeer, maar "we cannot answer for the other side, and I shall never rest as long as we are in such a position that a sudden move on their part would involve us in discreditable disaster. It is bad enough that there should be a danger of a Boer incursion into the Cape Colony and a rising to meet it. But that *might be chanced*. What ought never to be chanced, is our being turned out of Natal. And as things stand, we might be turned out of Natal to-morrow."[90] Dit is voldoende om te sê dat

89. J.S. Marais: The Fall of Kruger's Republic, p.159.
90. C. Headlam: The Milner Papers I ....., p.41.

daar by die twee Republieke selfs nie die geringste voorneme bestaan het om die twee Britse kolonies binne te val nie.

Die dag met sy aankoms in Kaapstad is 'n memorandum, opgestel deur die bevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, aan Milner oorhandig. Daarin is verklaar: "It is notorious that a propaganda has been afoot for some time past ..... directed to gaining over individuals or classes to the cause of a united South Africa independent of Great Britain." In die memorandum is voorts gekonstateer: "A speaker in the House of Assembly said recently that the Transvaal had come to occupy the position in men's eyes of a leading state in South Africa. This is true and the fact accounts for the drawing towards Dutch sentiment observable in the old Colony, Natal and the Free State. Many causes both before and since the raid have contributed to make the Transvaal appear in men's eyes to fill the horizon. Not the general feeling of race alone, but the being in the right, the aggrieved, the originally small and despised but now the successful State, wealth, vigour in administration ..... and last but the least the personality of Kruger have all served to invest the Transvaal with a glamour misleading men's minds and causing them to lose the sense of proportion."[91]

Dat dit vir die imperialiste om die posisie van Brittanje in die wêreld gegaan het en dat Transvaal aangesien is as 'n bedreiging vir hierdie posisie, het andermaal geblyk toe die posisie van Delagoabaai in 1898 in verband met die moontlike verdeling van die Portugese kolonies ter sprake gekom het. Milner het op 6 Julie geskryf: "I look on the possession of Delagoa Bay as the best chance we have of winning the great game between ourselves and the Transvaal for the mastery of South Africa without a war. I am not indeed sure that we shall ever be masters without a war. The more I see of S. Africa the more I doubt it."[92]

Selfs toe die stryd om die stemreg tussen Junie en Oktober 1899 'n klimaks bereik het, het Chamberlain en Milner steeds die standpunt gehandhaaf, soos uit hul korrespondensie blyk, dat dit vir hulle om die posisie van Brittanje in Suid-Afrika en om sy posisie in die wêreld gegaan het. Op 7 Augustus het Milner geskryf: "I want a Republic in which both elements will have fair play. One thing is clear to me — such a Republic will be more concerned with internal than external questions for many years. It will be industrial, not military. Whether it leans to Great Britain or not, it will not be distinctively anti-British. It will no longer be the centre of the hopes and ambitions of the Afrikander party throughout South Africa. In a word, it will not be that danger to British South Africa which a pure Afrikander state, armed to the teeth, and incessantly intriguing against us both in South Africa and in Europe, is. You may ask what danger is the Transvaal even at present. Can it dream of invading our territory? No. Not yet. Meanwhile it steadily lowers our prestige by its treatment of British people within its borders."[93]

Chamberlain het die politieke stryd teen die Transvaal in dieselfde lig gesien. Op 2 September het hy aan Milner geskryf: "It is a great thing to say that the majority of the people have ..... recognized that there is a greater issue than the franchise or the grievances of the Uitlanders at stake, and that

91. C. Headlam: The Milner Papers I ..., pp.47—48.
92. *Ibid.*, pp.267—68.
93. *Ibid.*, pp.477—78.

our supremacy in S.Africa and our existence as a great Power in the world are involved in the result of our present controversy." In 'n memorandum het Chamberlain vir die kabinet die saak net so duidelik gestel: "What is now at stake is the position of Great Britain in South Africa — and with it the estimate formed of our power in the Colonies and throughout the world."[94]

Om die res van die wêreld onder die indruk van sy mag te bring, het Brittanje die oorlog teen twee Afrikaanse republieke begin.

(Word vervolg)

94. J.L. Garvin: The Life of Joseph Chamberlain III, pp.459—60.